

Statements regarding monetary policy

Issued by the Governor of the South African Reserve Bank, Dr. T.W. de Jongh

5 February 1979

After the usual consultation with the Treasury, the Reserve Bank has decided to reduce the Bank rate from 8½ to 8 per cent per annum with effect from Tuesday, 6 February 1979.

This step is in accordance with the current economic policy of further stimulating domestic economic activity and also conforms to recent trends in short-term interest rates in South Africa in general.

12 March 1979

After the usual consultation with the Treasury, the Reserve Bank has decided to effect the following adjustments to the credit control measures :

1. Credit ceilings

As from 31 March 1979 the credit ceilings of banking institutions are increased by an additional 5 per cent of their base figures as at 31 December 1975. This increase applies to the ceiling figures relating to banking institutions' discounts, loans and advances to the private sector, and their investments in securities of the private sector. The existing arrangement whereby the ceiling figures of banking institutions are increased every month by one half per cent of their base figures, continues to apply.

At the same time the total amount of credit extension to the private sector, as defined for the purposes of the credit ceilings, which a banking institution may not exceed before it becomes subject to the ceiling requirements, is increased from R15 million to R20 million. When the total credit extended to the private sector by such a banking institution reaches the new limit of R20 million, its respective ceilings will thereafter be increased monthly by one half per cent of the relevant base figures as at 31 December 1975.

2. Liquid asset requirements

As from the date of certification of their monthly returns for 28 February 1979, the supplementary liquid assets which large banks (i.e. those with total assets exceeding R800 million) have to maintain in respect of the increase in their short- and medium-term liabilities since 30 September 1975, are reduced from 20 to 10 per cent and from 8 to 4 per cent, respectively.

For the smaller banking institutions the supplementary liquid asset requirement of 20 per cent in respect of the increase in their short-term liabilities since 30 September 1975, is abolished from the date of certification of their monthly returns for 28 February 1979. The supplementary liquid asset requirement in respect of the increase since 30 September 1975 in the medium-term liabilities of

smaller banking institutions, was already abolished in August 1978.

The required notices to give effect to these changes in the credit control measures will be published in the Government Gazette shortly.

16 March 1979

After the usual consultation with the Treasury, the Reserve Bank has decided to reduce the Bank rate from 8 to 7½ per cent per annum with effect from 17 March 1979.

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Opsomming en algemene opmerkings

Ná die langdurige ekonomiese afswaai vanaf ongeveer die middel van 1974 tot die einde van 1977, het die reële ekonomiese bedrywigheid gedurende 1978 matig herstel. Groot skommelings in die private verbruiksbesteding het bygedra tot 'n skerp toename in die reële bruto binnelandse produk in die tweede kwartaal en 'n daaropvolgende afname in die derde kwartaal en het dit moeilik gemaak om die sterkte van die opswaai te beoordeel, maar inligting vir die vierde kwartaal het bevestig dat daar 'n matige opwaartse neiging in die ekonomiese bedrywigheid is. Die bruto binnelandse produk het in 1978 met ongeveer 2½ persent toegeneem. Die bruto nasionale produk het teen 'n ietwat hoër koers van ongeveer 4 persent gestyg as gevolg van 'n aansienlike verbetering in Suid-Afrika se ruilvoet.

In teenstelling met die voorafgaande jaar het die ekonomiese groei in 1978 hoofsaaklik ontstaan in die sekondêre en tersiêre sektore van die ekonomie, terwyl laer koerse van toename in die reële produk van die landbou en die mynbou aangeteken is. Hierdie verandering was die gevolg van 'n betekenisvolle toename in die reële waarde toegevoeg deur die fabriekswese, wat in 1977 nog 'n aansienlike afname getoon het, en van die feit dat die aansienlike negatiewe bydrae wat die reële produk van die groot- en kleinhandel in 1977 tot die groei gemaak het, nie in 1978 herhaal is nie. Die algemene herstel het egter nie uitgekring tot die konstruksiesektor nie en die toegevoegde waarde daarvan het in 1978 voortgegaan om aansienlik af te neem.

Die toename in die reële bruto binnelandse produk was nie slegs op 'n toename in die volume van die uitvoer en van die netto goudproduksie gebaseer nie, maar ook op 'n matige styging in die totale reële binnelandse vraag. Hierdie styging in die reële bruto binnelandse besteding, wat op 'n afname in 1977 gevolg het, is meegebring deur toenames in die reële private en owerheidsverbruiksbesteding terwyl reële vaste en reële voorraadinvestering met kleiner bedrae gedaal het. Teen heersende pryse was die hoër vlak van die bruto binnelandse besteding nog aansienlik laer as die bruto nasionale produk, wat 'n aansienlike oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans tot gevolg gehad het.

Die ekonomiese herstel is weerspieël in 'n effense toename in die werkverskaffing buite die landbou gedurende die eerste nege maande van 1978. (Meer onlangse gegewens is nog nie beskikbaar nie.) Hierdie toename is egter grotendeels verklaar deur hoër werkverskaffing in die openbare sektor en in die goudmynbedryf. Die werkverskaffing in die private sektor in sy geheel het effens afgeneem, hoofsaaklik vanweë 'n afname in die indiensneming in die fabriekswese, konstruksie en die nie-goudmynbou. Die

effense toename in die werkverskaffing buite die landbou is weerspieël in ietwat laer syfers van die werkloosheid onder alle bevolkingsgroepe.

In weerwil van verhogings van verskeie geadministreerde pryse en die instelling van die algemene verkoopbelasting, het die inflasiekoers in 1978 effens afgeneem. Indien die nie-wederkerende uitwerking van die instelling van die algemene verkoopbelasting uitgeskakel word, was 'n meer opmerkbare afwaartse neiging in die verbruikerspryse in 1978 waarneembaar. Die vlak van die inflasiekoers het nietemin hoog gebly en 'n dubbelsyferkoers is nou vir die vyfde opeenvolgende jaar aangeteken.

'n Verdere verbetering van die lopende rekening van die betalingsbalans het gelei tot 'n aansienlik groter oorskot op hierdie rekening as in 1977. Dit was te danke aan 'n skerp toename in die netto goudproduksie, hoofsaaklik as 'n weerspieëling van die hoër goudprys, en aan 'n aansienlik hoër goedere-uitvoer, wat uit 'n matige toename in die volume en aansienlike stygings in die pryse van die belangrikste uitvoerprodukte voortgespruit het. Neutraliserende toenames, wat nie teen dié in die uitvoer en in die netto goudproduksie opgeweeg het nie, het in die waarde van die invoer en die netto betalings aan buitelanders op die onsigbare rekening voorgekom.

Die oorskot op die lopende rekening, aangevul deur 'n netto invloeiing van langtermynkapitaal na die openbare korporasies en die private sektor, het 'n aansienlike vermindering van die korttermynlaste verwant aan reserwes sowel as terugbetalings op buitelandse langtermynlenings deur die sentrale regering toegelaat. 'n Netto uitvloeiing van ander korttermynkapitaal moes egter ook geakkommodeer word en die bruto goud- en ander buitelandse reserwes het, met verontagsaming van waardasie-aansuiwerings, in 1978 slegs 'n klein toename getoon. As gevolg van die vermindering van die laste verwant aan reserwes het die netto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die jaar aansienlik gestyg.

'n Toename in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor was 'n belangrike oorsaak van 'n aansienlik hoër koers van toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende 1978. Die vernaamste oorsaak van die toename was egter 'n opmerkbare styging in die monetêre banke se eise teen die private sektor. Die uitbreiding wat deur hierdie faktore teweeggebring is, is gedeeltelik geneutraliseer deur 'n afname in die netto eise teen die regeringsektor en 'n skerp styging in die langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre banke. Die aansienlike toename in die bankkrediet aan die private sektor, wat hoofsaaklik gedurende die tweede kwartaal voorgekom het, was 'n weerspieëling van hoë toenamekoerse in huurkoop- en bruikhuurfinansiering en in beleggings in effekte van die private sektor. Ander lenings en voorskotte, wat hoofsaaklik lenings

en voorskotte vir nywerheids- en handelsdoeleindes omvat, het gedurende 1978 egter nog teen 'n betreklik lae koers gestyg. Die afname in die netto eise teen die regeringsektor is meegebring deur 'n toename in die regeringse deposito's wat op sy beurt weer 'n weerspieëling was van die suksesvolle plasing van lenings by die binnelandse nie-banksektor en van 'n toename in die regering se inkomste wat die Begrotingsramings oortref het. Die regering se inkomste is opgestoot deur aansienlik hoër as verwagte inkomste-belasting- en huurkontrakbetalings deur die goudmynmaatskappye, wat voortgespruit het uit die skerp styging in die goudprys en gevolglik ook in die winste van die goudmynbedryf.

Op 12 Maart 1979 het die Reserwebank aangekondig dat, bo en behalwe die gereelde maandelikse verhoging, die plafonne op die bankinstellings se krediet aan die private sektor vanaf 31 Maart met 5 persent van die basissyfers soos aan die einde van Desember 1975 verhoog word. Terselfdertyd is die totale bedrag van die kredietverlening aan die private sektor wat 'n bankinstelling nie mag oorskry nie sonder om aan die plafonvereistes onderhewig te word, van R15 miljoen na R20 miljoen verhoog. Daar is ook aangekondig dat die likwiede batevereistes verslap word vanaf die datum van die banke se sertifisering van hulle maandopgawes vir Februarie.

Die geldmark het gedurende 1978 en die begin van 1979 afwisselende tydperke van stramheid en ruimte ondervind. Die meeste van hierdie veranderings is meegebring deur die beweging van fondse na en van die regeringsektor. Die geldmarkrentekoerse het oor die algemeen in 1978 afwaarts geneig en gedurende Januarie en die eerste helfte van Februarie verder gedaal, in die besonder ná die aflossing vroeg in Februarie van staatseffekte wat hul aflosdatum bereik het. In ooreenstemming met die bewegings van die korttermynrentekoerse en ten einde 'n verdere stimulus aan die ekonomiese bedrywigheid te verleen, is die Bankkoers vroeg in 1979 by twee geleenthede verlaag, naamlik van 8½ na 8 persent op 6 Februarie en van 8 na 7½ persent op 17 Maart. Die vernaamste handelsbanke het gereageer deur hulle prima-oortrekkingskoerse met ½ persent in Februarie en met 'n verdere ½ – 1 persent in Maart te verlaag. By albei geleenthede is depositokoerse, met die uitsondering van die koers op gewone spaardeposito's, met ½ persent verlaag.

'n Duidelike verruiming van die toestand op die kapitaalmark het in 1978 na vore gekom, in die besonder op die mark vir vaste-rentedraende effekte. Nieteenstaande 'n aansienlike netto opname van fondse deur die openbare sektor, het die opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte aansienlik gedaal. Die opbrengskoerse op aandele het dieselfde gedoen vanweë 'n opmerkbare styging in die aandelepryse. In teenstelling met die lewendigheid van die mark vir vaste-rentedraende effekte en die aandele-mark was die bedrywigheid in die verband- en vaste eiendomsmarkte stiller, maar 'n merkbare verbetering is nogtans in 1978 waargeneem.

Daar is op 24 Januarie 1979 aangekondig dat die Regering, ná oorlegpleging met die Reserwebank en ander belanghebbende partye, besluit het om 'n begin te maak met 'n geleidelike en stelselmatige proses om Suid-Afrika se wisselkoersbeleid en -praktyke te verander, gebaseer op die aanbevelings in die tussentydse verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika. Die uiteindelijke doel van hierdie proses is 'n enkelvoudige wisselkoersstelsel waarvolgens 'n onafhanklike en beweeglike rand sy eie wisselkoersvlak sal vind in goed ontwikkelde en mededingende kontant- en termynvalutamarkte. Die wisselkoersbewegings sal egter beheer word deur Reserwebank-"intervensie" deur middel van aankope en verkope van valuta. Die regering het die Kommissie se sienswyse aanvaar dat die uiteindelijke stelsel die beste bereik kan word slegs deur 'n geleidelike aanpassingsproses. Soos later in hierdie oorsig aangedui word, is verskeie stappe gedoen om die nuwe beleid in werking te stel en binne 'n taamlik kort tydsbestek is sommige van die aanvanklike oorgangsmatreëls deur meer permanente reëlins vervang.

Nasionale rekeninge

Matige herlewing van ekonomiese groei




Die reële bruto binnelandse produk het in 1978 met 2,5 persent toegeneem, vergeleke met ongeveer geen groei nie in 1977 en 'n koers van toename van slegs 1,3 persent in 1976. Suid-Afrika se ruilvoet het gedurende 1978 as gevolg van 'n hoër koers van toename in die uitvoerpryse (insluitende goud) as in die invoerpryse en vanweë 'n afname in die reële netto faktorbetalinge aan die res van die wêreld aansienlik verbeter. Gevolglik het die reële bruto nasionale produk in 1978 met ongeveer 4 persent toegeneem, vergeleke met geen groei nie in 1977 en 'n afname van 1 persent in 1976.

Soos in die bygaande tabel getoon word, het die veranderinge in die reële bruto binnelandse produk van die hoofsektore van die ekonomie aansienlik van dié in die voorafgaande jaar verskil. Ten eerste het die koers van toename in die reële toegevoegde waarde van die primêre sektor, as gevolg van 'n baie laer koers van toename in die landbou- en nie-goudmynbouproduksie, van 9 persent in 1977 tot slegs 1½ persent in 1978 afgeneem. Ten tweede is 'n daling van 5½ persent in die reële produk van die sekondêre sektor in 1977 gevolg deur 'n toename van 3½ persent in 1978. 'n Betekenisvolle toename in die reële produk van die fabriekswese, wat in 1977 nog 'n aansienlike afname getoon het, was hoofsaaklik vir hierdie ommeswaai verantwoordelik, maar bydraes is ook gelewer deur die hoër koers van toename in die reële produk van elektrisiteit, gas en water en deur 'n laer koers van afname in die reële toegevoegde waarde van konstruksie. Ten derde het die reële produk van die tersiêre sektor in 1978 'n hoër groeikoers getoon,


Persentasieverandering in reële bruto binnelandse en nasionale produk

	1976	1977	1978
Primêre sektor	2	9	1½
Landbou	1	10½	2½
Goudmynbou	—	-2	—
Nie-goudmynbou	6	13½	1
Sekondêre sektor	-1	-5½	3½
Fabriekswese	-½	-6½	5
Elektrisiteit, gas en water	4	3½	5
Konstruksie	-7	-6½	-5
Tersiêre sektor	3	½	2
Groot-, klein- en motorhandel	2	-6½	½
Vervoer en kommunikasie-dienste	3	5	4½
Algemene owerheidsdienste	6	4	4
Finansiële en ander dienste	2	2	2
Bruto binnelandse produk teen markpryse	1½	—	2½
Bruto nasionale produk teen markpryse	-1	—	4

Bruto binnelandse produk teen konstante 1970-pryse



Jaarlikse persentasieverandering in bruto binnelandse en bruto nasionale produk teen konstante 1970-pryse



naamlik 2 persent, vergeleke met slegs ½ persent in 1977. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan die feit dat die aansienlike negatiewe uitwerking van die daling in 1977 in die reële inkome wat deur die groot-, klein- en motorhandel geskep is, gedurende 1978 bykans verdwyn het. Die volume van die groothandelsverkope, met insluiting van diamante en petroleumprodukte, het in 1978 met ½ persent toegeneem, die kleinhandelsverkope teen konstante pryse het met 4 persent afgeneem, en die reële toegevoegde waarde van die motorhandel het met 12 persent gestyg.

Die bruto binnelandse produk teen heersende markpryse het in 1978 met 14½ persent toegeneem, vergeleke met 12½ persent in sowel 1976 as 1977. 'n Toename van 18 persent in die bruto bedryfsurplus, teenoor 'n toename van 13½ persent in 1977, was hoofsaaklik vir die hoër groeiakoers in 1978 verantwoordelik. Die koers van toename in die vergoeding van werknemers het effens versnel vanaf 10½ persent in 1977 tot 11 persent in 1978. Hoër groeiakoers is aangeteken in die bruto bedryfsurplus van die goudmynbou, die nie-goudmynbou, die fabriekswese en die handel, terwyl laer koerse van toename in die geval van die landbou en die sektor vervoer, opberging en kommunikasie voorgekom het.

Die verskil tussen die groeiakoers in die bruto binnelandse produk teen heersende en konstante pryse impliseer 'n toename in die bruto binnelandse produk-deflator van 11½ persent in 1978 teenoor 12½ persent in 1977. Hierdie verlansaming was die gevolg van laer koerse van toename in die binnelandse groot- en kleinhandelspryse, wat die toenames in die goudprys en in die pryse van ander uitvoerprodukte meer as geneutraliseer het.

Seisoensaangesuiwerde kwartaallikse ramings van die reële bruto binnelandse produk toon dat groei teen jaarkoerse van onderskeidelik 2½ persent, 14 persent en 7 persent in die eerste, tweede en vierde kwartaal van 1978 aangeteken is. In die derde kwartaal het die seisoensaangesuiwerde reële bruto binnelandse produk teen 'n jaarkoers van 7 persent gedaal.

Matige toename in reële totale binnelandse vraag

Die reële bruto binnelandse besteding het in 1978 met 2½ persent toegeneem, vergeleke met afnames van 5 persent en 2½ persent in 1977 en 1976, onderskeidelik. Die reële private verbruiksbesteding, wat in 1977 met ½ persent gedaal het, het in 1978 teen 'n koers van 2 persent gestyg. Die reële owerheidsverbruiksbesteding het in 1978 dieselfde koers van toename as in 1977 getoon, naamlik 1 persent. Die reële vaste investering het met 7½ persent afgeneem vergeleke met 8 persent in 1977 terwyl die vlak van die reële voorrade in 1978 met R259 miljoen afgeneem het, wat minder was as die daling van R336 miljoen in 1977. Nieteenstaande 'n merkbare toename in die bruto binnelandse besteding teen heersende pryse in 1978, was die vlak daarvan aansienlik laer as dié van die bruto nasionale produk teen heersende pryse, met die gevolg dat die lopende rekening van die betalingsbalans 'n groot oorskot getoon het.


Klein toename in reële private verbruiksbesteding

Die klein toename in die reële private verbruiksbesteding in 1978 was geheel en al aan hoër besteding aan duursame goedere toe te skryf, soos in die bygaande tabel getoon word. In die kategorie duursame goedere het die besteding aan motors en ander private vervoertoerusting met nie minder nie as 18½ persent gestyg, maar die besteding aan alle ander

Persentasieverandering in reële private verbruiksbesteding

	1976	1977	1978
Duursame goedere	½	-12	5
Meubels en huishoudelike toestelle	-3½	-2	½
Motorvoertuie, ens.	-17	-10	18½
Ander duursame goedere	34	-29	-½
Semi-duursame goedere	2	-3½	-2
Klerasie en skoel	3	-4½	-2
Ander semi-duursame goedere	½	-2½	-2½
Nie-duursame goedere	3	3	2
Voedsel, drank en tabak	3	3	2
Ander nie-duursame goedere	1½	3	1
Dienste	4½	2	3
Totale private verbruiksbesteding	2¾	-½	2


Bruto binnelandse besteding teen konstante 1970-pryse



goedere het traag gebly. Die reële besteding aan semi-duursame goedere het vir die tweede opeenvolgende jaar gedaal, waarskynlik as gevolg van verhoogde besteding aan duursame goedere en die verdere klein afname in die reële beskikbare persoonlike inkomme. Die reële besteding aan nie-duursame goedere en dienste het gemiddeld dieselfde koers van toename as in 1977 aangeteken.

Kwartaallikse veranderings in die reële private

Private verbruiksbesteding teen konstante 1970-pryse



verbruiksbesteding ná uitkakeling van die seisoensinvloed is in die tweede en derde kwartaal van 1978 verwing deur die reaksie van verbruikers op die veranderings in bestaande indirekte belastinge en die instelling van die nuwe algemene verkoopbelasting. 'n Skerp toename in die tweede kwartaal is deur 'n afname in die derde kwartaal gevolg. In die vierde kwartaal het die reële verbruiksbesteding egter weer gestyg, en wel teen 'n jaarkoers van 8 persent. Die grootste stygings is in die besteding aan duursame en semi-duursame goedere, in die besonder aan meubels, motors, klerasie en skoeisel, aangeteken.

Verdere klein toename in reële owerheidsverbruiksbesteding

Die lopende besteding van die algemene owerheid teen konstante pryse het in 1978 met ongeveer 1 persent gestyg, wat ook die groei koers is wat in 1977 aangeteken is. Die reële vergoeding van werknemers het in 1978 dieselfde persentasietoename as in die voorafgaande jaar getoon, naamlik ongeveer 4 persent, maar die reële besteding aan goedere en ander dienste het in 1978 met 2½ persent gedaal nadat in 1977 'n daling van 3½ persent aangeteken is. Op 'n seisoensaangesuiwerde kwartaalbasis, het

die reële owerheidsverbruiksbesteding gedurende die eerste helfte van 1978 traag gebly maar gedurende die tweede helfte van die jaar matig gestyg.

Aansienlike verdere daling in reële bruto binnelandse vaste investering

Die reële bruto binnelandse vaste investering het gedurende 1978 aangehou om skerp te daal. Soos in die bygaande tabel getoon word, het dalings in die reële kapitaalbesteding van al die hoofsektore voorgekom en is dit oor feitlik alle soorte van bedrywighede versprei.

In die private sektor het slegs die reële vaste kapitaaluitgawes van die mynbou gedurende 1978 gestyg, hoofsaaklik as gevolg van hoër besteding aan uraanaanlegte. 'n Besonder groot daling is in die reële investeringsbesteding van die fabriekswese aange-teken, wat die relatief hoë vlak van die onbenutte produksiekapasiteit en die algemeen lae vlak van die binnelandse vraag weerspieël het, en in die reële private woningbou. Op 'n kwartaalbasis het die seisoensaangesuiwerde reële vaste investering deur die private sektor in die derde kwartaal van 1978 sy laagste vlak in byna nege jaar bereik, maar dit is deur 'n skerp styging in die vierde kwartaal gevolg.

Die reële vaste investering deur openbare korporasies het gedurende 1978 matig gestyg. Die skerp toename in die besteding aan vervaardigingsondernemings, in die besonder aan die tweede olie-uit-steenkoolaanleg, is bykans geneutraliseer deur 'n daling in die vaste investering van die mynbou en aan elektrisiteits- en vervoerfasiliteite.

Die reële vaste kapitaaluitgawes van die openbare owerhede het in 1978 'n verdere groot daling getoon.

Die besteding deur die Suid-Afrikaanse Spoorweg-administrasie het die grootste persentasie daling getoon, wat meegebring is deur die voltooiing van 'n aankoopprogram van nuwe vliegtuie en van die spoorlyn na Richardsbaai. Die skerp styging in die woningbou was 'n weerspieëling van die owerheid se selektiewe stimuleringsmaatreëls om die sukkelende konstruksiebedryf aan te help deur behuising aan laer inkomegroeppe te verskaf.

Kleiner afname in reële voorrade

Die boekwaarde van die totale voorrade, uitgesonderd lewende hawe, het in 1978 met ongeveer R600 miljoen toegeneem, waarvan nywerheids- en handelsvoorrade ongeveer R500 miljoen bygedra het. Teen konstante 1970-pryse het die totale waarde van die voorrade met R259 miljoen gedaal, teenoor 'n afname van R336 miljoen in 1977. Verdere dalings in die reële nywerheids- en handelsvoorrade en in die diamantvoorrade is in 'n sekere mate teengewerk deur toenames in die reële landbouvoorrade in die handel en in die voorraad lewende hawe teen konstante pryse.

Seisoensaangesuiwerde kwartaalsyfers toon dat die reële voorrade gedurende die grootste deel van 1978 gedaal het. 'n Toename het slegs gedurende die derde kwartaal voorgekom, as gevolg van die skerp daling in die reële private verbruiksbesteding waarna hierbo verwys is.

Verdere opmerkbare toename in bruto binnelandse besparing

Nadat die bruto binnelandse besparing in 1977 aansienlik gestyg het met R1 903 miljoen, het dit in 1978 opmerklik verder gestyg met R1 298 miljoen. Al die komponente het tot hierdie styging bygedra, met uitsondering van die persoonlike besparing wat skerp afgeneem het as gevolg van die groter toename in die private verbruiksbesteding (moontlik gemaak deur 'n aansienlike beroep op bankkrediet) as in die beskikbare persoonlike inkomes. Die totale bruto binnelandse besparing het in 1978 R10 539 miljoen bedra en aangesien die totale finansierings-behoeftes vir vaste en voorraadinvestering R9 127 miljoen bedra het, was daar 'n rekordbedrag van R1 412 miljoen beskikbaar om Suid-Afrika se netto skuldposisie teenoor die buiteland te verminder. Nieteenstaande die verdere verbetering in die land se spaarprestasie in 1978, het die besparingsverhouding, dit wil sê die verhouding van die bruto binnelandse besparing tot die bruto binnelandse produk, onveranderd op sy vlak van 1977, nl. ongeveer 26½ persent, gebly. Hierdie verhoudings was opmerklik hoër as die verhouding van 23,8 persent in 1976 en ook hoër as die gemiddelde jaarlikse verhouding van ongeveer 25 persent gedurende die tydperk 1970 tot 1975.

Persentasieverandering in reële bruto binnelandse vaste investering

	1976	1977	1978
Private sektor	-7½	-6½	-6
Landbou	-20	1	-3
Mynbou	-4	-10	4
Fabriekswese	-5	-11	-12
Private woongeboue	-8	-19	-16
Ander sake-ondernemings	-6	2	-4
Openbare korporasies	-1½	7	½
Fabriekswese	-29	41	43
Elektrisiteit, gas en water	31	34	-10
Ander (mynbou, vervoer, ens.)	-8	-53	-46
Openbare owerhede	5	-17½	-14
Suid-Afrikaanse Spoorweg-Administrasie	29	-30	-37
Woongeboue	17	-36	51
Ander sake-ondernemings	-6	-12	1
Algemene owerheid	-5	-8	-10
Sentrale regering	-2	-4	-10
Provinsiale administrasies	-11	-14	-4
Plaaslike besture	-3	-10	-18
Totale bruto binnelandse vaste investering	-2	-8	-7½

Konjunkturoneigings, werkverskaffing en pryse

Sikliese opswaai in ekonomiese bedrywigheid


Ekonomiese aanwysers toon dat 'n matige sikliese opswaai in die reële ekonomiese bedrywigheid gedurende 1978 plaasgevind het, ná die langdurige afswaai vanaf ongeveer die middel van 1974 tot die einde van 1977. Die oplewing het gedurende die tweede kwartaal aansienlike stukrag gekry maar gedurende die derde kwartaal weer verlangsaam. Hierdie verloop is meegebring deur groot skommelings in die reële private verbruiksbesteding wat aanleiding gegee het tot 'n skerp styging in die reële bruto binnelandse produk in die tweede kwartaal en 'n daaropvolgende afname in die derde kwartaal. Gedurende die vierde kwartaal het die reële ekonomiese bedrywigheid egter sy matige opwaartse neiging hervat. Hierdie verloop van sake blyk byvoorbeeld uit die seisoensaangesuiwerde reële bruto binnelandse produk van die nie-primêre sektore van die ekonomie, wat in die eerste, tweede en vierde kwartale van 1978 teen jaarkoerse van onderskeidelik 7 persent, 10 persent en 6 persent gestyg het, terwyl 'n daling van 4 persent, teen 'n jaarkoers, in die derde kwartaal aangeteken is. Belangrike bydraes tot die toename in die vierde kwartaal is gemaak deur die handel, waarvan die reële toegevoegde waarde in die eerste nege maande van die jaar nog gedaal het, en deur die fabriekswese. Sekere sektore van die ekonomie het egter nog steeds slap toestande ondervind, in die besonder die konstruksiesektor.

Matige styging in werkverskaffing en produktiwiteit

Die matige ekonomiese oplewing gedurende 1978 is in 'n effense styging in die werkverskaffing weerspieël. Die werkverskaffing in die nie-landbousektore van die ekonomie, wat in 1977 geen groei getoon het nie, het in die eerste drie kwartale van 1978 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 1977 met 0,6 persent gestyg. Toenames van onderskeidelik 2,7 persent en 4,5 persent in die werkverskaffing in die openbare sektor en in die goudmynbou was grotendeels vir die klein styging in die werkverskaffing buite die landbou in die eerste drie kwartale van 1978 verantwoordelik. Die werkverskaffing in die private sektor in sy geheel het gedurende hierdie tydperk met 0,3 persent gedaal.

In teenstelling met die voorafgaande drie jare, waarin die toename in die werkverskaffing van die openbare sektor hoofsaaklik meegebring is deur 'n styging in die werkverskaffing van die sentrale regering, is 'n meer betekenisvolle bydrae tot die toename in die eerste nege maande van 1978 gemaak deur hoër indiensneming in die res van die openbare sektor. Die afname in die werkverskaffing van die private sektor gedurende die eerste nege maande van 1978 was grotendeels die gevolg van afnames van 0,3 persent, 2,9 persent en 3,1 persent in die werkverskaffing in

Produktiwiteit en arbeidskoste per eenheid van produksie in fabriekswese



die fabriekswese, konstruksie en die nie-goudmynbou, onderskeidelik. Benewens die styging in die werkverskaffing in die goudmynbou waarna hierbo verwys is, is effens hoër vlakke van werkverskaffing aangeteken in die geval van die groot-, klein- en motorhandel, hotelle, wasserye en droogskoonmakers, banke en bouverenigings.

Die geringe toename in die werkverskaffing buite die landbou is deur ietwat laer werkloosheidsyfers weerspieël. Die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs het van 34 190 in Desember 1977 tot 31 059 in Desember 1978 en tot 28 490 in Februarie 1979 afgeneem. Dit word beraam dat laasgenoemde syfer ongeveer 1½ persent van die betrokke arbeidsmag verteenwoordig. Opnames deur die Departement van Statistiek toon 'n afname in die aantal werklose Swartes, wat in September 1978 ongeveer 9,9 persent van die ekonomiesbedrywige swart bevolking bedra het.

Die algehele produktiwiteit, soos gemeet deur die produksie per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie, het in die eerste drie kwartale van 1978 met 1,5 persent toegeneem, vergeleke met 'n afname van 1,0 persent in 1977. In die fabriekswese het die produksie per man-uur in die eerste nege

maande van 1978 'n betekenisvolle toename van 3,3 persent getoon, teenoor 'n afname van 4,8 persent in 1977. Die verbeterde produktiwiteit het die koers van toename in die arbeidskoste per eenheid van produksie verminder. In die fabriekswese, byvoorbeeld, het die koers van toename in die arbeidskoste per eenheid van produksie van onderskeidelik 17,1 persent en 16,0 persent in 1976 en 1977 tot 5,9 persent in die eerste nege maande van 1978 gedaal.

Verdere afname in die reële vergoeding van arbeid

Die gemiddelde vergoeding van werkers in die nie-landbousektore van die ekonomie het in die eerste drie kwartale van 1978 met 9,1 persent gestyg, vergeleke met onderskeidelik 10,0 persent en 13,2 persent in die kalenderjare 1977 en 1976. In reële terme is 'n daling van 1,1 persent in die gemiddelde vergoeding per werker in 1977 egter deur 'n verdere afname van 1,4 persent in die eerste nege maande van 1978 gevolg. Die gemiddelde reële vergoeding van Nie-blanke werkers, wat gedurende die voorafgaande jare toegeneem het, het in die eerste drie kwartale van 1978 afgeneem, terwyl die afname in dié van Blanke werkers gedurende hierdie tydperk deur afnames in 1976 en 1977 voorafgegaan is.

Persentasieverandering in salarisse en lone per werker in die nie-landbousektore


	1976	1977	1978*
Blanke:			
Teen heersende pryse	10,1	8,4	8,2
Teen konstante pryse	-0,9	-2,6	-2,2
Nie-blanke:			
Teen heersende pryse	15,9	11,9	10,2
Teen konstante pryse	4,3	0,6	-0,4
Alle bevolkingsgroepe:			
Teen heersende pryse	13,2	10,0	9,1
Teen konstante pryse	1,9	-1,1	-1,4

*Syfers tot 30 September 1978 vergeleke met syfers vir die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar

Effens laer inflasiekoers

Die inflasiekoers het in 1978 effens afgeneem niestande toenames in verskeie geadministreerde pryse, die instelling van die nuwe algemene verkoopbelasting en die nadelige invloed van 'n daling in die wisselkoers van die rand op die pryse van ingevoerde goedere. Die gemiddelde maandelikse verbruikersprysindeks het gestyg met 10,1 persent (8,6 persent as die geraamde uitwerking van die algemene verkoopbelasting uitgesluit word), vergeleke met 'n toename van 11,2 persent in 1977. Laer koerse van toename het in die pryse van duursame verbruiksgoedere, alkoholiese drank en tabak, in huiseienaarskoste en in die koste van vervoerdienste voorgekom. Hoër koerse

Persentasieverandering in verbruikerspryse



van toename is egter in die pryse van voedsel, klerasie en ontspannings- en persoonlike dienste en in woonsteluur aangeteken.

Op 'n kwartaalbasis het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die verbruikerspryse van 9,2 persent in die eerste kwartaal van 1978 tot 5,3 persent in die tweede kwartaal afgeneem, maar tot 22,7 persent (9,9 persent as die geraamde uitwerking van die algemene verkoopbelasting uitgesluit word) in

die derde kwartaal gestyg, en vervolgens tot 8,5 persent in die vierde kwartaal gedaal. 'n Laer koers van toename is in die vierde kwartaal aangeteken niteenstaande vinniger stygings in die pryse van voedsel, woonstelhuur, bediendelone en die koste van sekere persoonlike dienste. Van Januarie 1978 tot Januarie 1979 het die verbruikerspryse met 11,2 persent gestyg. Met uitsondering van 'n voortgesette skerp styging in die pryse van voedsel en 'n styging in die prys van petrol, het die pryse van alle ander goedere en dienste gedurende Januarie die laer koers van toename wat in die vierde kwartaal van 1978 aangeteken is, gehandhaaf.

Die gemiddelde maandelikse groothandelsprysindeks het in 1978 met 9,7 persent gestyg, vergeleke met 'n toename van 12,9 persent in 1977. Die daling in hierdie koers was die gevolg van kleiner toenames in die pryse van binnelandsgeproduseerde sowel as van ingevoerde goedere. Met uitsondering van marginaal hoër koerse van toename in die pryse van landbouprodukte, nie-elektriese masjinerie en tabak, het die pryse van alle hoofitems wat by die indeks van binnelandsgeproduseerde goedere ingesluit is, teen laer koerse gestyg.


Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die groothandelspryse in die eerste kwartaal van 1978 skerp gestyg met 13,8 persent. Dit is gevolg deur laer koerse van toename van 9,6 persent en 6,8 persent in die tweede en derde kwartale onderskeidelik. Hoofsaaklik as gevolg van die hoër koerse van toename in die pryse van landbouprodukte, vervaardigde basiese metale en metaalprodukte, masjinerie en vervoer-toerusting en ingevoerde goedere, het die koers van toename in die groothandelspryse in die vierde kwartaal van 1978 tot 12,3 persent versnel. Van Januarie 1978 tot Januarie 1979 het die groothandelspryse met 10,5 persent gestyg.

Betalingsbalans

Aansienlike verdere verbetering in die lopende rekening

Nadat die eerste kalenderjaaroorskot in nege jaar in 1977 op die lopende rekening van die betalingsbalans aangeteken is, het 'n verdere verbetering gedurende 1978 voorgekom. Volgens voorlopige syfers het die oorskot in 1978 R1 412 miljoen bedra, vergeleke met R465 miljoen in 1977. Hierdie aansienlik groter oorskot is hoofsaaklik teweeggebring deur stygings in uitvoerpryse sowel as deur 'n styging in die volume van die uitvoer. Nie slegs die prys van goud nie, maar ook die pryse van 'n aantal ander belangrike uitvoerprodukte het gedurende 1978 skerp gestyg. Hierdie gunstige ontwikkelings is gedeeltelik teengewerk deur 'n toename in die waarde van die goedere-invoer en in die netto onsigbare betalings aan buitelanders.

Lopende rekening van die betalingsbalans



Oorskot op lopende rekening



		Seisoens-aangesuiwerde jaarkoers (R miljoene)	Persentasie van bruto binnelandse produk
1977	3de kw	-96	0,3
	4de kw	1 110	3,1
1978	1ste kw	1 054	2,8
	2de kw	896	2,3
	3de kw	1 798	4,4
	4de kw	1 900	4,5

Gedurende die eerste helfte van 1978 was die oorskot op die lopende rekening, seisoensaangesuiwerd, gemiddeld effens kleiner as in die laaste kwartaal van 1977. Daarná het die oorskot gedurende die daaropvolgende ses maande skerp toegeneem en in die vierde kwartaal van 1978 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoerssyfer van R1 900 miljoen bereik. Hierdie verdere verbetering van die lopende rekening gedurende die tweede helfte van 1978 het voorgekom ondanks 'n skerp styging in die goedere-invoer en was toe te skryf aan toenames in die goedere-uitvoer en die netto goudproduksie en 'n afname in die netto onsigbare betalings aan buitelanders.

'n Skerp styging in die prys van goud en 'n effense toename in die volume van die goudproduksie het 'n styging in die waarde van die netto goudproduksie van R2 795 miljoen in 1977 tot R3 863 miljoen in 1978 meegebring, 'n toename van ongeveer 38 persent. Die toename in die prys van goud was die sterkste gedurende die tweede helfte van 1978, ondanks skerp skommelings gedurende die vierde kwartaal. Nadat op 31 Oktober 'n nuwe rekordprys per fyn ons van \$243,65 bereik is, het die prys na 'n laagtepunt van \$193,40 op 30 November gedaal. Vervolgens het dit weer tot \$226,00 per fyn ons op 31 Desember en tot 'n hoogtepunt van \$254,00 op 8 Februarie 1979 gestyg en daarna vir die oorblywende gedeelte van Februarie tussen \$240 en \$252 geskommel. Die gemiddelde vasstellingsprys van goud per fyn ons op die Londense mark het in 1978 \$193,26 beloop, vergeleke met \$147,71 in 1977.

Stygings in die pryse van 'n aantal belangrike uitvoerprodukte was hoofsaaklik verantwoordelik vir die toename in die waarde van die goedere-uitvoer van R6 293 miljoen in 1977 tot R7 434 miljoen in 1978, 'n vermeerdering van ongeveer 18 persent. In die besonder het daar aansienlike stygings voorgekom in die pryse van diamante, platina, uraan en vrugte, en kleiner toenames is ook aangeteken in die pryse van ferrochroom, wol en steenkool. Hierdie prysstygings is aangevul deur toenames in die volume van die uitvoer van goedere soos ferrochroom, steenkool, mielies en sagte vrugte, wat 'n afname in die volume van die uitvoer van suiker, wol en asbes oorskry het. Kwartaalsyfers toon 'n skerp toename in die waarde van die goedere-uitvoer in die vierde kwartaal van 1978, naamlik vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaar-

Betalingsbalans




koers van R7 695 miljoen in die derde kwartaal tot R8 285 miljoen in die vierde kwartaal.

Nadat die waarde van die goedere-invoer vanaf R7 443 miljoen in 1976 tot R6 881 miljoen in 1977 gedaal het, het dit in 1978 met ongeveer 17 persent tot R8 069 miljoen gestyg. Hierdie skerp toename in die invoer gedurende 1978 weerspieël hoofsaaklik stygings in die pryse van ingevoerde goedere, maar ook 'n klein styging in die volume. Die toename in die invoer het oor 'n wye reeks goedere voorgekom maar was veral groot in die geval van masjinerie en elektriese toerusting, vervoertoerusting en chemiese

produkte. Wat kwartaalveranderinge betref, het die invoer in die vierde kwartaal van 1978 skerp toegeneem toe 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoerssyfer van R8 980 miljoen aangeteken is.

Die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld het van R1 742 miljoen in 1977 tot R1 816 miljoen in 1978 toegeneem. 'n Toename in die dienstebetalings is nie ten volle deur 'n styging in die dienste- en oordragontvangste geneutraliseer nie. Die styging in die dienstebetalings is meegebring deur groter vrag en versekering op goedere, meer toeriste wat ander lande besoek het, en groter dividendbetalings. Die styging in die dienste-ontvangste was op sy beurt weer hoofsaaklik die gevolg van toenames in vervoerdienste wat aan buitelanders gelewer is en in dividendontvangste op buitelandse belegging.

Ruilvoet



Groot netto kapitaaluitvloeiing

In 1978 is 'n netto kapitaaluitvloeiing van R1 370 miljoen op die kapitaalrekening van die betalingsbalans aangeteken, vergeleke met R810 miljoen in die voorafgaande jaar. Verskeie faktore het tot hierdie aansienlike uitvloeiing bygedra. Ten eerste het die monetêre owerhede netto terugbetalings gemaak op buitelandse korttermynlenings wat tevore aangegaan is om die buitelandse valutabesit te ondersteun. Ten tweede het die sukses van die Tesourie se binnelandse leningsbedrywighede en die groter as verwagte toename in die skatkisontvangste, netto terugbetalings op buitelandse langtermynskuld deur die regering moontlik gemaak. Ten derde was die betreklik lae groeiakoerse van die binnelandse ekonomie, die bestaan van surplus produksiekapasiteit in die meeste sektore van die ekonomie en die betreklik ruim toestand op die binnelandse kapitaalmark nie bevorderlik vir nuwe buitelandse beleggings nie. Ten vierde het politieke onsekerhede met betrekking tot Suidelike Afrika 'n negatiewe invloed op buitelandse beleggers se houding gehad. Ten vyfde het 'n skerp toename in die buitelandse koste van handelsfinansiering in vergelyking met die binnelandse koste vanaf ongeveer die middel van 1978 ook tot 'n uitvloeiing

Netto kapitaalbewegings

R miljoen

	1977	1978
Langtermynkapitaal		
Sentrale regering en banksektor	-58	-426
Openbare korporasies en plaaslike owerhede	98	210
Private sektor	256	179
Totaal	296	-37
Laste verwant aan reserwes	-221	-437
Ander korttermynkapitaal, insluitende handelsfinansiering en foute en weglatings	-885	-896
Totaal	-810	-1 370

van korttermynfondse gelei. Ten laaste het verwagtings aangaande 'n depresiasie van die rand by tye tot spekulatiewe uitvloeiings van kapitaal gelei.


Uit die bygaande tabel is dit duidelik dat die uitvloeiing van kapitaal gedurende 1978 grotendeels uit korttermynkapitaal, insluitende onaangetekende transaksies, bestaan het. Daarbenewens was daar 'n groot netto uitvloeiing van langtermynkapitaal van die sentrale regering en banksektor en 'n skerp afname in die laste verwant aan reserwes. In teenstelling hiermee is 'n aansienlike netto invloeiing van langtermynkapitaal na openbare korporasies en plaaslike owerhede en na die private sektor aangeteken. Hierdie netto invloeiing van langtermynkapitaal is hoofsaaklik verklaar deur lenings wat in die buiteland verkry is vir die olie-uit-steenkool-aanleg, die kernkragstasie en aankope van vraghouderskepe.

Skerp skommeling het in die loop van 1978 in die netto uitvloeiing van kapitaal voorgekom. Die netto kapitaaluitvloeiing het van R481 miljoen in die eerste kwartaal tot R100 miljoen in die tweede kwartaal van die jaar gedaal, voordat dit tot R648 miljoen in die derde kwartaal toegeneem het. Daarna het dit tot R141 miljoen in die laaste kwartaal van 1978 gedaal. Die betreklik klein netto uitvloeiing van kapitaal gedurende die vierde kwartaal het bestaan uit 'n afname in die laste verwant aan reserwes, terugbetalings op langtermynregeringslenings, 'n invloeiing van ander langtermynkapitaal, en 'n matige netto uitvloeiing van korttermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie.

Toename in goud- en ander buitelandse reserwes

Die bruto goud- en ander buitelandse reserwes het gedurende 1978 met R1 442 miljoen tot 'n vlak van R2 230 miljoen aan die einde van die jaar toegeneem. Hierdie aansienlike toename was egter bykans geheel en al die gevolg van die herwaardering van die land se goudreserwes teen markverwante pryse. Indien waardasie-aansuiwerings uitgesluit word, het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende 1978 weens betalingsbalanstransaksies met slegs R42 miljoen toegeneem. Hierdie toename is grotendeels weerspieël in die buitelandse valutabesit van banke in die private sektor, maar 'n klein toename is ook in die buitelandse valutareserwes van die Reserwebank aangeteken. Indien die invloed van die maandelikse herwaardasie van die goudreserwes uitgeskakel word, het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank gedurende Januarie en Februarie 1979 met R234 miljoen toegeneem. Hierdie toename was blykbaar die gevolg van, ten eerste, 'n spekulatiewe invloeiing van kapitaal wat gevolg het op die revaluasie van die rand teen die VSA-dollar gedurende Februarie. Die daaropvolgende appresiasie van die rand onder die stelsel van beheerde swewing het bygedra tot die ontwikkeling van 'n gunstige posisie in die "vervroegings en vertragings" voortspruitende uit handelsfinansiering. Alhoewel gegewens oor die valutabesit van die handelsbanke en ander bankinstel-

Effektiewe koste van handelsfinansiering



lings soos aan die einde van Februarie nog nie beskikbaar is nie, kan dit verwag word dat dit onder die omstandighede tot minimum-bedrae verminder is. Ten tweede het die verandering in die valutatermyndekkingsvoorskrifte aan die einde van Januarie die uitvloeiing van kapitaal as gevolg van die omskakeling van buitelandse na binnelandse handelsfinansiering aan bande gelê.

Aansienlike netto terugbetalings op lenings wat as laste verwant aan reserwes geklassifiseer word, het gedurende 1978 'n toename van R479 miljoen in die netto goud- en ander buitelandse reserwes tot gevolg gehad, vergeleke met 'n afname van R124 miljoen in 1977. Hierdie toename in die netto goud- en ander buitelandse reserwes het gedurende die tweede helfte van die jaar aansienlik versnel. Terwyl die gemiddelde kwartaallikse toename in die eerste ses maande R48 miljoen beloop het, het dit tot R163 miljoen in die derde kwartaal en R220 miljoen in die vierde kwartaal van die jaar gestyg.

Veranderings in wisselkoersbeleid en -praktyke

Op 24 Januarie 1979 het die Minister van Finansies aangekondig dat die Regering, ná oorlegpleging met die Reserwebank en ander belanghebbende partye, besluit het om 'n begin te maak met 'n geleidelike en stelselmatige proses van verandering van Suid-Afrika se wisselkoersbeleid en -praktyke op grond van aanbevelings in die tussentydse verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika. Die uiteindelige doel van hierdie proses is 'n enkelvoudige wisselkoersstelsel waarvolgens 'n onafhanklike en beweglike rand sy eie vlak sal vind in goed ontwikkelde en mededingende kontant- en termynvalutamarkte. Volgens hierdie stelsel sal bewegings van die wissel-

koers deur intervensie deur die Reserwebank beheer word deur middel van aankope en verkope van buitelandse valuta. Die Regering het die Kommissie se sienswyse aanvaar dat die uiteindelijke stelsel in die huidige stadium nie ten volle ingevoer kan word nie, maar die beste resultaat slegs deur 'n geleidelike proses van aanpassing bereik kan word.

Verskeie stappe is gedoen om uitvoering aan die nuwe beleid te gee:

1. Die Reserwebank sal aanvanklik voortgaan om voorafbepaalde koop- en verkoopkoerse vir die VSA-dollar te kwoteer waarteen hy bereid sal wees om transaksies met die gemagtigde valutahandelaars aan te gaan. Hierdie koerse sal meer dikwels in ooreenstemming met veranderde omstandighede aangepas word.
2. Ten einde 'n breër, meer aktiewe en mededingende valutamark te ontwikkel, sal die Reserwebank nie meer vir gemagtigde valutahandelaars verpligte vaste openbare koop- en verkoopkoerse vir VSA-dollars voorskryf wat hulle in hulle transaksies met die publiek moet toepas nie.
3. Gemagtigde valutahandelaars sal toegelaat word om tot redelike bedrae "ope posisies" in buitelandse valuta daarop na te hou en om, binne perke voorgeskryf deur die Reserwebank, vir hulle eie rekening in buitelandse valuta handel te dryf.
4. Ten einde die volume van regstreekse valutatransaksies buite die Reserwebank uit te brei, sal die Bank, in oorleg met die Departement van Finansies, ondersoek instel na die doenlikheid daarvan om minstens 'n deel van die opbrengs van die verkope van Krugerrande en diamante, sowel as van die opbrengs van buitelandse lenings deur die openbare korporasies en munisipaliteite aangegaan, deur die gemagtigde handelaars te kanaliseer. Die Reserwebank sal egter voortgaan om staafgoud te bemark en om die dollaropbrengs in die mark te verkoop. Die Bank sal ook voortgaan om die opbrengs van sy eie en die regering se buitelandse lenings te hanteer.
5. Ten einde die proses van die geleidelike ontwikkeling van 'n aktiewe en mededingende termynvalutamark in werking te stel, sal die Reserwebank nie meer 'n vaste heffing of kommissie kwoteer wat deur sowel invoerders as uitvoerders vir termyndekking betaal moet word nie. In die toekoms sal een (middel-) prys vir termyn-dollars van enige spesifieke looptyd gekwoteer word en termynmarges sal op 'n veranderlike en meer markverwante basis vasgestel word. Die gemagtigde handelaars sal aangemoedig word om termynverkope en -aankope soveel moontlik teen mekaar af te sit en om, binne die neergelegde perke, hulle netto termynvalutaverpligtings te dek deur kontantbates in buitelandse geldeenhede aan te hou.
6. Die Reserwebank sal bereid wees om, deur bemiddeling van die gemagtigde valutahandelaars, termyndekkingsfasiliteite aan te bied vir buitelandse lenings wat deur die private sektor met valuta-beheer goedkeuring aangegaan is, maar slegs ten

opsigte van die risiko op die rand-dollarwisselkoers en slegs vir 'n tydperk van een jaar op 'n slag. Termyndekking sal nog steeds deur die Reserwebank aan die openbare korporasies en ander liggame in die openbare sektor verleen word, maar die koers vir termyndekking vir verpligtings in sterker geldeenhede soos die Duitse mark en die Switserse frank, sal op 'n hoër vlak as dié ten opsigte van die VSA-dollar en ander minder sterk geldeenhede vasgestel word.

7. As 'n eerste stap in die rigting van 'n markverwante enkelvoudige wisselkoers vir die rand sal die "effekterand" na 'n "finansiële rand" omskakel word deur 'n uitbreiding van die gebruik wat nie-inwoners daarvan kan maak. In plaas daarvan dat effekterand slegs gebruik kan word om genoteerde effekte en die spesiale nie-inwonerobligasies van die Regering aan te koop, sal nie-inwoners toegelaat word om ook in ongenoteerde effekte en ander kapitaalbates te belê. Die omskakeling van effekterand na finansiële rand sal geleidelik onder die toesig en leiding van die Reserwebank geskied. Die doel van hierdie verandering is om 'n aansporing aan buitelanders te verskaf om in Suid-Afrika te belê, in die besonder omdat die dividende op hulle beleggings teen die kommersiële wisselkoers oorgeplaas sal kan word. Die buitelandse reserwes van die land sal egter nie regstreeks by sodanige transaksies baat nie omdat een nie-inwoner finansiële rand van 'n ander koop.

Vanaf 29 Januarie tot 26 Februarie 1979 het die Reserwebank sy gekwoteerde wisselkoers vir die VSA-dollar by twee geleenthede verander, naamlik op 8 Februarie toe die rand met 1,7 persent geappresieer is tot 'n middelkoers van \$1,17 per R1, en op 20 Februarie toe 'n verdere opwaartse aanpassing tot \$1,18 per R1 gemaak is. Op 27 Februarie het die Reserwebank die praktyk laat vaar om vaste voorafbepaalde koerse vir VSA-dollars te kwoteer. Sedertdien het die rand effens teenoor die dollar geappresieer.

Op 5 Maart het 'n nuwe prosedure in werking getree waarvolgens die opbrengs van Krugerrandverkope regstreeks na gemagtigde handelaars in die valutamark gekanaliseer word in plaas van na die Reserwebank. Die oogmerk is dat 'n deel van die opbrengs van diamantverkope ook regstreeks in die mark in plaas van aan die Reserwebank verkoop sal word.

Die kommissie van 1 persent per jaar op termyndekking is op 25 Januarie 1979 afgeskaf en die Reserwebank se termynmarge op VSA-dollars is op 'n dollardiskonto (of randpremie) van 2 persent per jaar vasgestel. Hierdie termyn-dollardiskonto, of termynrandpremie, was hoofsaaklik 'n weerspieëling van die feit dat die dollarrantekoerse op hoër vlakke as dié in Suid-Afrika is. Die onmiddellike uitwerking van hierdie verandering was 'n vernouing van 3 persentasiepunte van die marge tussen die effektiewe koste van handelsfinansiering in VSA-dollars en in rand. Aan die einde van Januarie het die verskil gevolglik

tot minder as 1 persent gekrimp, maar 'n vinniger daling in die korttermynrentekoerse in Suid-Afrika as in die Verenigde State het meegebring dat die marge op 9 Maart tot 1,6 persent vergroot het. Soos hierbo aangetoon is, het die valutareserwes van die Reserwebank gedurende Februarie aansienlik gestyg, hoofsaaklik as gevolg van 'n invloeiing van korttermynkapitaal wat voorgekom het ten spyte van die vergroting van die rentekoersverskil. Op 8 Maart het die Reserwebank begin om sy termynkoerse op die heersende kontantkoers te baseer. Voorheen is dit bepaal op basis van die sluitingskontantkoers van die vorige dag.

Monetêre en banktoestand

Vinniger toename in geld en kwasi-geld

Die geld- en kwasi-geldhoeveelheid, wat gedurende 1977 teen 'n betreklik lae koers van 7 persent toegeneem het, het gedurende 1978 vinniger met 12 persent vermeerder. Op soortgelyke wyse het die koers van toename in die eng gedefinieerde geldvoorraad van 5 persent in 1977 tot 10 persent in 1978 gestyg.

Op 'n kwartaalbasis het die koers van toename in die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld vanaf die tweede kwartaal van 1978 beduidend hoër geword. 'n Jaarkoers van toename van slegs 2 persent gedurende die eerste kwartaal is gedurende die laaste drie kwartale van die jaar agtereenvolgens deur jaarkoerse van toename van 17 persent, 15 persent en 13 persent gevolg. Die eng gedefinieerde geldvoorraad het gedurende die vierde kwartaal van 1978 skerp gestyg teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename van 34 persent, teenoor 'n gemiddelde jaarkoers van toename van slegs 3 persent gedurende die voorafgaande drie kwartale. Gedurende Januarie 1979 het die seisoensaangesuiwerde geld- en kwasi-geldhoeveelheid slegs 'n geringe verandering getoon en met ongeveer R9 miljoen gedaal.

Oorsake van verandering in geld en kwasi-geld


Die hoër koers van toename in die geld- en kwasi-geldhoeveelheid gedurende 1978 is meegebring deur 'n styging in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor en in die eise van die monetêre banke teen die private sektor. Die netto eise teen die regeringsektor het gedurende 1978 gedaal en die langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre banke het 'n opmerklike verdere styging getoon.

Oorsake van verandering in geld- en kwasi-geld


R miljoen

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie		Seisoensinvloed uitgeskakel			
	Jaar	1978				1979
	1978	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.	Jan.
Netto goud- en ander buitelandse reserwes	501	57	44	242	146	137
Eise teen die regeringsektor						
Bruto eise	-14					
Regeringsdeposito's (toename -, afname +)	-246					
Netto eise	-260	-65	-385	181	20	-109
Eise teen die private sektor	1 265	204	732	210	110	-40
Langtermyndeposito's (toename -, afname +)	-797	-186	-251	-287	-76	-34
Netto ander bates	489					
Totale oorsake van verandering	1 198	48	406	378	346	-9

Monetêre ontleding



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



In teenstelling met 'n toename van slegs R60 miljoen gedurende 1977 het die netto goud- en ander buitelandse reserves van die monetêre banksektor gedurende 1978 met nie minder nie as R501 miljoen gestyg, wat hoofsaaklik 'n vermindering van R418 miljoen in die korttermyn buitelandse laste van hierdie sektor weerspieël het. Die grootste deel van die styging in die netto reserves het gedurende die tweede helfte van 1978 voorgekom, in die besonder gedurende die derde kwartaal.

Die seisoensaangesuiwerde eise van die monetêre banksektor teen die private sektor het gedurende die tydperk Februarie tot Augustus 1978 aansienlik gestyg. Gedurende September en Oktober het hierdie eise marginaal gedaal voordat dit gedurende die res van die jaar weer toegeneem het. Die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor, ná uitkakeling van die seisoensinvloed, het gedurende die eerste helfte van 1978 met R450 miljoen gedaal, grotendeels as gevolg van 'n toename van R374 miljoen in die regeringsdeposito's gedurende hierdie tydperk. Gedurende die tweede helfte van die jaar het die netto eise teen die regeringsektor egter met R201 miljoen gestyg, waarvan die grootste deel gedurende die derde kwartaal. Die toename in die binnelandse kredietverlening, d.w.s. die totaal van die monetêre banksektor se netto eise teen die regeringsektor en sy eise teen die private sektor, het van seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van onderskeidelik 11 persent en 12 persent in die tweede en die derde kwartaal tot slegs 4 persent in die laaste kwartaal van die jaar verlangsaam.

Die seisoensaangesuiwerde langtermyndeposito's van die private sektor by die banksektor het gedurende al vier kwartale van 1978 aangehou om te styg. Ná skerp toenames gedurende die eerste drie kwartale van die jaar is daar gedurende die vierde kwartaal egter 'n aansienlik kleiner styging aangeteken.

Gedurende Januarie 1979 is 'n verdere toename in die netto goud- en ander buitelandse reserves, na uitkakeling van die seisoensinvloed, meer as geneutraliseer deur afnames in die seisoensaangesuiwerde netto eise teen die regeringsektor en in die eise teen die private sektor sowel as deur 'n verdere styging in die private langtermyndeposito's. Die afname in die netto eise teen die regeringsektor is hoofsaaklik meegebring deur 'n aansienlike toename van R160 miljoen in die regeringsdeposito's gedurende Januarie.

Hoër koers van toename in bankkrediet aan die private sektor

Die bankkrediet aan die private sektor het gedurende 1978 met ongeveer 13 persent toegeneem, vergeleke met 'n toename van slegs 6 persent gedurende die voorafgaande jaar. Gedurende die tweede kwartaal van 1978 het die seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van toename nie minder nie as 34 persent beloop; gedurende die derde en die vierde kwartaal het dit egter na laer vlakke van onderskeidelik 8 en 5 persent teruggekeer. Die aansienlike toename gedurende die tweede

kwartaal was grotendeels gebaseer op 'n sterk opiewing in die verbruiksbesteding voor die instelling van die algemene verkoopsbelasting in die begin van Julie.

Die beleggings van die monetêre bankinstellings in effekte van die private sektor het dwarsdeur 1978 aanhoudend toegeneem en R271 miljoen van die totale toename van R1 265 miljoen in die eise teen die private sektor verklaar. Die kaskredietvoorskotte van die Landbank was gedurende die tweede en derde kwartale seisoenaal hoog maar het nie gedurende die vierde kwartaal in ooreenstemming met die gebruikelike seisoenspatroon gedaal nie, hoofsaaklik vanweë die minder gunstige produksietoestand in die landbou.

Die diskonteringe, lenings en voorskotte van die handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke het in 1978 met 12 persent toegeneem, vergeleke met 'n toename van slegs 2 persent gedurende 1977. Die huurkoop- en bruikhuurfinansiering wat deur hierdie banke verleen is, het gedurende die jaar vinnig met R603 miljoen, of ongeveer 38 persent, uitgebrei. Wissels verdiskonteer het daarenteen met R95 miljoen gedaal. Alle ander lenings en voorskotte van die betrokke banke, wat hoofsaaklik lenings en voorskotte vir nywerheids- en handelsdoeleindes verteenwoordig, het gedurende 1978 met slegs 6 persent toegeneem.

Alhoewel die bankkrediet aan die private sektor, ná seisoensaansuiwering, gedurende Januarie matig met R40 miljoen afgeneem het, het die diskonteringe, lenings en voorskotte van die handelsbanke met R72 miljoen gestyg terwyl die beleggings van monetêre bankinstellings in effekte van die private sektor met R34 miljoen afgeneem het.

Op 12 Maart 1979 het die Reserwebank aangekondig dat die plafonne op die bankinstellings se diskonteringe, lenings en voorskotte aan die private sektor en hulle beleggings in effekte van die private sektor met 'n verdere 5 persent van die onderskeie "basis"-syfers soos aan die einde van Desember 1975 verhoog

word en dat hierdie verhogings vanaf 31 Maart van krag word. Die gereelde maandelikse verhoging van die plafonne met ½ persent van die betrokke basisyfers sal van krag bly. Terselfdertyd is die totale bedrag van die kredietverlening aan die private sektor, soos vir doeleindes van die kredietplafonne omskryf, wat 'n bankinstelling nie mag oorskry nie sonder om aan die plafonvereistes onderhewig te word, van R15 miljoen na R20 miljoen verhoog. In dieselfde verklaring is aangekondig dat die aanvullende likwiede batevereistes wat op "groot" bankinstellings (d.w.s. banke waarvan die totale batebesit R800 miljoen oorskry) van toepassing is ten opsigte van die toenames in hulle kort- en middeltermynverpligtings teenoor die publiek sedert 30 September 1975, van 20 na 10 persent en van 8 na 4 persent, onderskeidelik, verlaag word en dat hierdie verlaging vanaf die datum van die banke se sertifisering van hulle maandopgawes vir Februarie 1979 in werking tree. Vir die kleiner bankinstellings is die aanvullende likwiede batevereiste van 20 persent ten opsigte van toenames in hulle korttermynverpligtings geheel en al afgeskaf. Die ooreenstemmende vereiste ten opsigte van toenames in hulle middeltermynverpligtings is reeds in September 1978 afgeskaf.

Verbetering in banklikwiditeit

Die oorskotlikwiditeit van die monetêre bankinstellings, wat gedurende die eerste agt maande van 1978 op betreklik lae vlakke gestaan het, het gedurende die res van die jaar verbeter. Die likwiditeitsposisie van ander bankinstellings het egter dwarsdeur die jaar stram gebly. Soos uit die bygaande tabel blyk, was die hooforsaak van die verbetering in die likwiditeitstoestand van die bankinstellings gedurende 1978 die groter bydrae van die buitelandse sektor tot die banke se werklike likwiede batebesit. Gedurende die laaste paar maande van 1978 het die owerheidsektor en, in mindere mate, die bankstelsel self, ook tot die

Sektorale oorsprong van banke se besit aan likwiede bates en oorskotlikwiditeitsverhouding van bankinstellings
R miljoene

	1978					
	Mrt.	Jun.	Sept.	Okt.	Nov.	Des.
Buitelandse sektor	102	94	321	605	755	519
Owerheidsektor	2 557	2 688	2 579	2 495	2 699	2 729
Private nie-banksektor	694	678	804	756	494	685
Bankstelsel	856	1 009	985	927	963	1 082
Totale besit aan likwiede bates	4 209	4 469	4 689	4 783	4 931	5 015
<i>Min:</i>						
Likwiede bates nie bruikbaar vir likwiede batevereistes nie	-13	-14	-11	-6	-8	-9
<i>Min:</i>						
Vereiste likwiede bates	-4 035	-4 162	-4 334	-4 334	-4 416	-4 531
Oorskot likwiede bates	161	292	344	443	507	475
Oorskot likwiditeitsverhouding, %	1,2	2,0	2,3	2,9	3,3	3,1

verbeterde oorskotlikwiteitstoestand bygedra.

Gedurende Januarie 1979 het die oorskotlikwiteitsverhouding van alle bankinstellings om seisoensredes redelik aansienlik gedaal. Die oorskotlikwiteitsverhouding van die monetêre bankinstellings het van 3,2 persent tot slegs 1,7 persent afgeneem. Die verhouding vir alle bankinstellings het gedaal van 3,1 persent tot 1,6 persent.

Geldmarktoestand en rentekoerse

Die geldmark het gedurende 1978 en in Januarie en Februarie 1979 afwisselende tydperke van ruimte en stramheid ondervind, waarby die vloei van fondse na en van die regeringsektor die hooforsaak van hierdie skommelings was. Die totale deposito's by die diskontohuise het egter groter skommelings as gedurende vorige jare getoon. Dit was grotendeels die gevolg van die deurgaans lae vlak van die vrye saldo's wat deur die banke by die Nasionale Finansiële korporasie gehou is, wat beteken het dat skommelings in die daggelddeposito's in besit van die bankstelsel deur die diskontohuise eerder as deur die Korporasie geabsorbeer moes word. Om dieselfde rede moes die diskontohuise die Reserwebank meer dikwels en vir groter bedrae om akkommodasie nader as gedurende voorafgaande jare.

Die geldmark het gedurende die eerste kwartaal van 1978 vernou, gedurende die grootste deel van die tweede kwartaal opmerklik verruim, maar oor die einde van Junie weer skerp vernou. Dit het gedurende Julie en Augustus verruim, was oor die einde van Augustus weer stram, en het vervolgens tot die einde van November deurlopend verruim, met name

na die eerste week in Oktober. Daarna het die mark oor die einde van November vernou, gedurende Desember 'n voortgesette tekort aan fondse ondervind, en veral gedurende die eerste week van Januarie 1979 vernou. Nadat dit gedurende en oor die einde van Januarie stram gebly het, het die mark gedurende Februarie buitengewoon likwied geword. Dit het egter oor die einde van Februarie skerp vernou en gedurende die eerste deel van Maart stram gebly.


Die daggelddeposito's by die diskontohuise het van laagtepunte van ongeveer R580 miljoen in die begin van Maart 1978 en effens meer as R600 miljoen vroeg in Januarie 1979 tot hoogtepunte van R971 miljoen in Augustus en R990 miljoen in Februarie 1979 gewissel. Die vrye saldo's van die banke by die Nasionale Finansiële korporasie was gedurende groot dele van die jaar uitgeput en het selde R100 miljoen oorskry. Die akkommodasie van die diskontohuise deur die Reserwebank het oor die einde van Junie en in die begin van Julie 1978 sy hoogste punt bereik en op 5 Julie R371 miljoen beloop. Dit was ook hoog oor die einde van Augustus, toe dit R323 miljoen bereik het, in die begin van Januarie 1979, toe dit op 4 Januarie R350 miljoen bedra het, en vroeg in Maart 1979 toe dit tot bykans R316 miljoen gestyg het.

Die bewegings van die rentekoerse het bogenoemde skommelings in die geldmarklikwiteit weerspieël, maar die koerse het gedurende die jaar oor die algemeen geneig om afwaarts te beweeg. So het die koers op verhandelbare depositosertifikate van drie maande, wat in die begin van Januarie 1978 9,0 persent beloop het, byvoorbeeld tot 9,75 persent in Februarie gestyg maar vervolgens dwarsdeur die grootste deel van die res van die jaar gedaal (alhoewel dit oor die einde van Junie en September tydelike stygings getoon het) en in Desember 7,6 persent bereik. Daarna het dit in Januarie 1979 tot 7,9 persent verstewig voordat dit sy daling voortgesit het tot 6,85 persent op 9 Maart. Die koers op bankaksepte van drie maande en die basiese daggeldkoers van die diskontohuise het 'n soortgelyke verloop getoon. Die skatkiswissel-tenderkoers het marginaal van 7,95 persent in Januarie-Februarie 1978 tot 7,99 persent op 11 Augustus verstewig. Vervolgens het dit aan die hand van die verlaging van die Bankkoers skerp gedaal en op 25 Augustus op 7,65 persent gestaan. Daarna het dit aangehou daal en op 9 Maart 1979 6,57 persent bereik.

Gedurende die jaar onder beskouing het die Reserwebank aansienlike opemerkverkope aangegaan ten einde 'n ordelike daling van die rentekoerse te handhaaf. By tye het dit ook opemerkverkope aangegaan om die mark deur tydperke van 'n skaarste aan fondse te help. Gedurende die tweede helfte van September 1978 het die Reserwebank se opemerkverkope van korttermynstaatseffekte byvoorbeeld R44 miljoen beloop.

In ooreenstemming met die bewegings van korttermynrentekoerse en met die oog daarop om 'n verdere stimulus aan ekonomiese bedrywigheid te verleen, is die Bankkoers verlaag van 8½ tot 8 persent

Geldmarkrentekoerse



op 6 Februarie en van 8 tot 7½ persent op 17 Maart. Ná hierdie verlagings het die vernaamste handelsbanke hulle prima-oortrekkingskoerse verlaag van 11½ tot 11 persent in Februarie en van 11 tot 10–10½ persent in Maart. By albei geleenthede is deposito-koerse, met die uitsondering van die koers op gewone spaardeposito's, met ½ persent verlaag.

Staatsfinansies

Redelik hoë koers van toename in skatkisuitreikings

Die skatkisuitreikings het in 1978 met 17 persent toegeneem, 'n groeikoers wat aansienlik hoër was as die 6 persent wat in 1977 aangeteken is. Hierdie betreklik hoë koers van toename is veroorsaak deur 'n konsentrasie van uitreikings in die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1977/78, in die besonder in Maart 1978, en deur 'n groot toevallige statutêre betaling van R157 miljoen uit die Skatkisrekening aan die Staatskuldkommissarisse. Selfs indien die statutêre betaling uitgesluit word, was die groeikoers van 15 persent nog die hoogste sedert 1975. Gedurende die eerste nege maande van die fiskale jaar 1978/79, dit wil sê gedurende die tydperk April tot Desember 1978, het die toename van 10 persent in die skatkisuitreikings (met uitsluiting van die statutêre betaling) baie nou ooreengekom met die Begrotingsraming vir die fiskale jaar in sy geheel.

Verandering in die samestelling van skatkisontvangste

Die ontvangste op die Skatkisrekening (uitgesonderd lenings) het in 1978 met ongeveer 16 persent toegeneem, vergeleke met 'n toename van 11 persent in 1977. Die samestelling van die belasting- en ander lopende ontvangste van die sentrale regering het in 1978 aanmerklik verander, ten eerste vanweë 'n veranderde belastingstruktuur waarby daar groter klem op indirekte belasting as 'n bron van inkomste gelê word, en ten tweede as gevolg van 'n toename in die prys van goud waardeur die winste van goudmyne, en gevolglik ook hul inkomstebelasting- en mynhuurbetalings aan die regering, skerp toegeneem het. Die ontvangste aan indirekte belasting, bestaande uit die opbrengs van doeane-, aksyns- en verkoopreg, die bo-belasting op invoere en die nuut-ingestelde algemene verkoopbelasting, het in 1978 met 31 persent

Inkomste-invorderings – Staatsinkomstefonds¹


	1976 Rm	1977 Rm	1978 Rm	Persentasie verandering 1977-1978
Doeanereg ²	345	575	730	27
Aksynsreg	780	855	951	11
Verkoopreg	267	308	215	-30
Algemene verkoopbelasting	—	—	377	
Inkomstebelasting- en huurbetalings deur goudmyne	457	370	727	96
Ander inkomstebelasting	3 278	3 628	3 733	3
Ander ontvangste ³	1 114	1 247	1 470	18
Totale inkomste-invorderings	6 241	6 985	8 202	17

1. Met inbegrip van bedrae wat aan aangrensende gebiede betaal is kragtens Doeane-Unie ooreenkomste

2. Insluitende die bo-belasting op invoere

3. Aangesuiwer om vergelykbaarheid oor tyd te behou

Samestelling van die inkomste-invorderings deur die sentrale regering



toegeneem. Daarbenewens het die inkomstebelasting- en mynhuurbetalings deur goudmynmaatskappye gedurende hierdie tydperk feitlik verdubbel. Die ontvangste aan inkomstebelasting wat deur belastingbetalers buite die goudmynbedryf betaal is, het daarenteen met slegs 3 persent toegeneem. Die indirekte belasting, inkomstebelasting- en mynhuurbetalings deur goudmyne, en ander inkomstebelastingbetalings was vir onderskeidelik 28 persent, 9 persent en 46 persent van die totale inkomste-invorderings in 1978 verantwoordelik, vergeleke met onderskeidelik 25 persent, 5 persent en 52 persent in 1977.

Gedurende die eerste nege maande van die fiskale jaar 1978/79 was die skatkisontvangste 14 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande jaar. Hierdie koers van toename was ongeveer 4 persentasiepunte hoër as die koers van toename wat in die Begroting vir die fiskale jaar in sy geheel verwag is.

Suksesvolle leningsbedrywighede

Die skatkisuitreikings het die ontvangste in 1978 met R2 145 miljoen oorskry. By die finansiering van hierdie tekort het die regering daarin geslaag om R2 418 miljoen van die binnelandse nie-banksektor te leen. Hierdie suksesvolle leningsbedrywighede het die sentrale regering in staat gestel om sy buitelandse

skuld met R219 miljoen en sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor met R54 miljoen te verminder. 'n Buitengewoon groot netto belegging in staatskuldbewyse van R993 miljoen, of R694 miljoen meer as in die voorafgaande jaar, is in 1978 deur die Staatskuldkommissarisse gemaak. 'n Deel van hierdie verhoogde netto belegging deur die Kommissarisse word verklaar deur 'n aansienlik groter bedrag aan fondse wat van die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie vir belegging ontvang is. Die private nie-banksektor se netto belegging in staatskuldbewyse, met uitsluiting van verpligte leningsheffings ten bedrae van R292 miljoen, het R1 133 miljoen bedra, wat R441 miljoen meer was as in 1977.

Skatkisfinansiering

R miljoene

	1976	1977	1978
Tekort (uitgesonderd lenings en skulddelging)	1 936	1 728	2 145
Gefinansier deur:			
Binnelandse nie-bankbronne:	999	1 368	2 418
Staatskuldkommissarisse	227	299	993
Betaalmeestergeneraal	-120	—	—
Private sektor	891	1 069	1 425
Monetêre banksektor	487	384	-54
Buitelandse sektor	450	-24	-219
Totaal	1 936	1 728	2 145

Op grond van sy suksesvolle leningsprogram in 1978 en sy groot beskikbare kontantsaldo's, het die regering besluit om staatseffekte ten bedrae van R376 miljoen wat op 1 Februarie hul aflosdatum bereik het, terug te betaal en nie die gebruikelike prosedure te volg om nuwe effekte vir belegging beskikbaar te stel nie. Daarbenewens het die Minister van Finansies in Januarie 1979 die vervroegde terugbetaling aan maatskappye aangekondig van die leningsheffings van 1973 en 1974, wat in 1980 en 1981 aflosbaar sou geword het, as 'n metode om die likwiditeit van maatskappye te verbeter. 'n Bedrag van ongeveer R160 miljoen (insluitende rente) is op 15 Februarie terugbetaal.

Spoorwegbegroting

By die indiening van die Begroting van die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie in die Parlement op 7 Maart 1979 het die Minister van Vervoer verklaar dat in stede van die tekort van R168 000 wat oorspronklik vir die boekjaar eindigende 31 Maart 1979 verwag is, daar nou 'n oorskot van R53 miljoen voorsien word. Die verbeterde finansiële resultaat was hoofsaaklik te danke aan 'n toename in die volume van uitvoere gedurende 1978/79, maar ook aan 'n doelbewuste poging om arbeidskoste te verminder, aan groter doeltreffendheid by die benutting van materiaal en aan 'n vermindering in die finansiële verliese op sekere dienste.

Die lopende inkomste vir die boekjaar 1979/80 sal na verwagting met 6,3 persent tot R3 374 miljoen toeneem en die lopende uitgawes met 14,5 persent tot R3 575 miljoen, met 'n gevolglike tekort van R201 miljoen. Die salarisaanpassings vir alle werkers wat deur die Minister aangekondig is, is vir 'n aansienlike deel van die toename in die uitgawes verantwoordelik. Nieteenstaande die verwagte tekort is geen onmiddellike opwaartse aanpassings van tariewe voorgestel nie. Sekere tariefkonsessies is aangekondig om 'n toename in die benutting van beskikbare fasiliteite aan te moedig.

Bruto investering gedurende die finansiële jaar 1979/80 word op R1 080 miljoen geraam, 'n toename van 24 persent in vergelyking met die hersiene ramings vir 1978/79.

Poskantoorbegroting


Met die oog daarop om ongeveer dieselfde verhouding van die Poskantoor se kapitaaluitgawes uit interne bronne te finansier as in onlangse jare, is verhogings in verskeie postariewe en die eenheidskoers vir telefoonoproepe deur die Minister van Pos- en Telekommunikasiewese voorgestel toe hy sy Departement se Begroting op 20 Maart 1979 in die Parlement ingedien het. Die voorgestelde verhogings sal waarskynlik nie voor 1 Oktober vanjaar in werking tree nie. Daar word verwag dat die Departement se bedryfsuitgawes gedurende die 1979/80 finansiële jaar met 14,6 persent tot R808 miljoen en sy inkomste met 14,8 persent tot R884 miljoen sal toeneem. Kapitaaluitgawes word geraam op R364 miljoen, of 9,7 persent meer as die verwagte syfer vir 1978/79. Daar word in die vooruitsig gestel dat ongeveer 47 persent van die kapitaaluitgawes in 1979/80 uit interne bronne gefinansier sal word.

Kapitaalmark

Vraag na uitleenbare fondse in mark vir vaste-rentedraende effekte deur aanbod oorskry

Die verruiming van die toestand op die mark vir vaste-rentedraende effekte vanaf ongeveer Maart 1977 het gedurende 1978 voortgeduur en selfs nog sterker geword. 'n Hoë koers van toename in die binnelandse besparing, tesame met beleggers se volgehoue verwagtings van 'n verdere afwaartse aanpassing van die opbrengskoerse op effekte en 'n algemene gebrek aan geskikte alternatiewe beleggingsgeleenthede gedurende 'n tydperk van lae reële investeringsbedrywigheid in die ekonomie, het daartoe gelei dat die aanbod van uitleenbare fondse in die mark die vraag daarna oorskry het. Nuwe uitgiftes van staatseffekte is goed ondersteun en die meeste nuwe uitgiftes van semi-prima-effekte is aansienlik oorvolteken. Die transaksies in die sekondêre mark in vaste-rentedraende effekte het aansienlik toegeneem en die opbrengs-

Opbrengskoerse in sekondêre mark



koerse het tot hul laagste vlakke sedert Junie 1974 gedaal.

Die netto nuwe uitgiftes van bemerkbare effekte deur die openbare sektor, met uitsluiting van die toename in die betrokke leners se besit aan hul eie effekte, het ongeveer R2 087 miljoen beloop, vergeleke met R2 060 miljoen in 1977 en R1 112 miljoen in 1976. Die toename in die effekteskuld van die openbare sektor gedurende 1978 is weerspieël in 'n aansienlike styging van ongeveer R1 740 miljoen in die private nie-banksektor se besit aan effekte van die openbare sektor, wat gevolg het op 'n styging van R1 277 miljoen in 1977. Die monetêre banke se besit aan effekte van die openbare sektor het in 1978 met ongeveer R250 miljoen gestyg, wat aansienlik minder was as die toename van R729 miljoen in 1977. Bo en behalwe die bedrag aan uitleenbare fondse wat in die mark opgeneem is, het die besit aan effekte van die openbare sektor deur die interne fondse van leners in die openbare sektor en deur die Staatskuldkommisaris met die rekordbedrag van ongeveer R1 500 miljoen toeneem, bykans dubbeld die bedrag van die toename in 1977. Die nuwe uitgiftes van die vaste-rentedraende effekte deur maatskappye in die private sektor wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, het in 1978 R222 miljoen bedra teenoor R190 miljoen in 1977, hoofsaaklik as gevolg van twee buitengewoon groot uitgiftes.

Die verdere verruiming van die marktoestand in 1978 is weerspieël in 'n daling in die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte in die sekondêre mark van 10,69 persent in Desember 1977 tot 9,72 persent in Desember 1978 en 'n ooreenstemmende daling in die sekondêre-markopbrengskoers op langtermyn semi-prima-effekte van 11,62 persent tot 9,95 persent. Hierdie veranderings gedurende 1978 het die marge tussen die opbrengskoerse op prima- en semi-prima-effekte van 0,93 tot 0,23 persentasiepunte vernou. Die sekondêre-markopbrengs op maatskappyobligasies het van 13,58 persent in Desember 1977 tot 11,18 persent aan die einde van 1978 afgeneem.

Die ruimer toestande in die mark vir vaste-rentedraende effekte het gedurende die eerste twee maande van 1979 voortgeduur toe die sekondêre-markopbrengskoerse op prima- en semi-prima-effekte verder gedaal het tot onderskeidelik 9,07 en 9,35 persent. Die opbrengskoers op die sekondêre mark vir maatskappyskuldbriewe het op soortgelyke wyse tot 10,75 persent gedaal.

Aandelemark lewendig

Afgesien van geringe tydelike insinkings gedurende die tydperk Februarie tot April en weer gedurende Oktober en November, het sowel die aandelepryse as die effektebeursomset gedurende 1978 oor die algemeen 'n sterk stygende neiging gehandhaaf. Die aantal aandele wat op die effektebeurs verhandel is, was 24 persent hoër in 1978 as gedurende 1977, terwyl die waarde van die aandele verhandel 'n toename van 29 persent getoon het. Die omvattende aandeleprysindeks, wat alle klasse aandele insluit, het van die einde van 1977 tot die einde van 1978 met 19 persent gestyg. Gedurende die eerste twee maande van 1979 het die aantal en die waarde van die aandele verhandel skerp bo hul vlakke in Desember 1978 toegeneem en het die aandelepryse gemiddeld met 'n verdere 16 persent gestyg. Ingedeel volgens breë klasse is die grootste prysstygings gedurende 1978 deur mynbou-aandele aangeteken, gevolg, eerstens, deur handels- en nywerheidsaandele en, laastens, deur finansiële aandele. Veranderings in die pryse van die individuele klasse aandele word in die bygaande tabel getoon.

Die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele het van 8,0 persent aan die einde van 1977 tot 6,8 persent aan die einde van 1978 gedaal, niesteenstaande 'n toename in die dividendopbrengs op mynbou-aandele. Die omgekeerde rendementsgaping tussen aandele en langtermynstaatseffekte het van 2,7 persent in Desember 1977 tot 2,9 persent in Desember 1978 vergroot. Die dividendopbrengskoers het in Februarie tot 5,9 persent afgeneem en die omgekeerde rendementsgaping nog verder tot 3,1 persent vergroot.

Die effektrusts het gedurende 1978 'n netto uitvloeiing van fondse van R13 miljoen ondervind. Die verbetering in die aandelepryse het die markwaarde van die trusts se netto bates egter met R65 miljoen tot 'n vlak van R390 miljoen aan die einde van 1978 en nog verder tot R418 miljoen aan die einde van Februarie 1979 laat styg.

Aansienlik groter vloei van langertermynfondse na deposito-nemende en verwante instellings


Die vloei van langertermynfondse na bankinstellings, bouverenigings, deelnemingsverbandskemas en staatspaarfasiliteite, wat reeds in die vierde kwartaal van

Persentasieverandering in aandelepryse

Jaar geëin- dig 31 Desember	Mynbouhandele			Finansiële aandele				Nywer- heids aandele	Handels- aandele	Alle klasse aandele
	Goud	Steen- kool	Ander metale en mine- rale	Myn- bou	Nywer- heids en alge- meen	Vaste eien- dom	Banke en ver- seke- ring			
1977	16,8	13,2	31,4	15,7	16,5	-11,5	22,6	8,7	-3,2	13,7
1978	18,8	32,2	33,6	23,3	22,6	-2,2	13,2	14,0	30,0	18,8

1977 opmerklik gestyg het, het gedurende 1978 op 'n selfs nog hoër vlak voortgegaan. Die totale invloeiing van langertermynfondse na die betrokke instellings het gedurende 1978 R2 571 miljoen bedra, 61 persent meer as in 1977. Die bankinstellings het die grootste invloeiing, naamlik R1 292 miljoen, aange-teken, gevolg deur die bouverenigings met 'n bedrag van R914 miljoen. Die netto belegging in Tesourie-obligasies het R192 miljoen beloop, en dié in die

Vloei van langertermynfondse na deponerende en verwante instellings



Poskantoor se spaarfasiliteite R191 miljoen. Die deelnemingsverbandskemas het 'n geringe netto uitvloeiing van fondse van R21 miljoen ondervind, hoofsaaklik vanweë 'n swak vraag na hierdie vorm van verbandfinansiering. Die deelnemingsverbandskemas is verplig om fondse wat nie binne 'n tydperk van sestig dae in deelnemingsverbande belê word nie, terug te betaal. Vanweë hierdie vereiste was die skemabesture onwillig om verdere fondse vir belegging aan te neem en het hulle 'n gedeelte van die fondse wat vir herbelegging beskikbaar gekom het, terugbetaal.

Die groter invloed van langertermynfondse het 'n afwaartse druk op deposito- en verwante rentekoerse uitgeoefen en gedurende die vierde kwartaal van 1978 is die onderskeie koerse met ½ – 1 persent verlaag. Die meeste depositorentekoerse is in Februarie en weer in Maart met ½ persent verlaag, ná die verlaging van die Bankkoers waarna hierbo verwys is.

Verbeterde bedrywigheid in die verband- en vaste eiendomsmarkte

Die bedrag aan nuwe verbandlenings deur die bouverenigings toegestaan, wat in 1977 met 10 persent gedaal het, het in 1978 met ongeveer 40 persent toegeneem en dui op 'n sterk verbeterde vlak van die bedrywigheid in die residensiële verbandmark. Die toename in die bouverenigings se uitleenbedrywigheid teen verbande het egter nie die fondse wat vir belegging beskikbaar was, geëwenaar nie en gevolglik het die verenigings hulle besit aan kontant, deposito's en effekte in 1978 met 'n bedrag van R410 miljoen vergroot. Ná die daling in die depositorentekoerse, het die bouverenigings hul verbandkoerse op nuwe lenings vanaf 2 Oktober 1978, en op bestaande lenings vanaf 1 Januarie 1979, van 'n patroon van 10,5 – 12,0 persent na 'n patroon van 10,0 – 12,0 persent verlaag. Die verdere afname in sommige van hulle leenkoerse in Februarie het egter nie hul uitleenkoerse beïnvloed nie.

Die waarde van die vaste eiendomstransaksies, wat gedurende 1977 skerp met 15 persent gedaal het, het gedurende 1978 met 7 persent toegeneem. 'n Matige opwaartse neiging in hierdie transaksies het in die vierde kwartaal van 1977 na vore gekom en het regdeur 1978 voortgeduur.

Waarde van vaste eiendomstransaksies



Verklaring insake Suid-Afrika se wisselkoersbeleid en -praktyke

Uitgereik deur Sy Edele Senator O P F Horwood, Minister van Finansies

24 Januarie 1979

Ná oorlegpleging met die Reserwebank en ander belanghebbende partye het die Regering besluit om die Tussentydse Verslag van die Kommissie van Onderzoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika te aanvaar. Soos deur die Kommissie aanbeveel, sal daar onmiddellik 'n begin gemaak word met 'n geleidelike en stelselmatige proses van verandering van Suid-Afrika se wisselkoersbeleid en -praktyke. Die uiteindelijke mikpunt van hierdie proses sal wees 'n enkelvoudige wisselkoersstelsel waaronder 'n onafhanklike en beweeglike rand sy eie vlak vind in goed ontwikkelde en mededingende kontant- sowel as termynvalutamarkte in Suid-Afrika. In hierdie stelsel sal die bewegings van die rand beheer word deur Reserwebank-"intervensie" aankope en verkope van valuta (hoofsaaklik VSA dollars) en sal daar slegs beperkte valutabeheer wees van toepassing alleen op inwoners.

Hierdie uiteindelijke wisselkoersbedeling sal dus een van "beheerde" en nie "vrye" swewing wees nie. Uit die aard van die saak sal dit ook beteken dat die rand dan nie meer aan die VSA-dollar gekoppel sal wees nie. Die rand sal dan 'n onafhanklike geld-eenheid wees met 'n wisselkoers wat grootliks bepaal sal word deur die stand van Suid-Afrika se eie betalingsbalans en binnelandse ekonomie en nie deur die wel en wee van 'n ander land se geldeenheid of ekonomiese of politieke wisseling nie.

Onder die huidige internasionale stelsel van swevende wisselkoerse is dit vanselfsprekend onmoontlik vir Suid-Afrika om wisselkoersstabiliteit met alle ander geldeenhede te handhaaf. Ons keuse is of om saam met die VSA-dollar of 'n ander belangrike geldeenheid of saam met 'n "mandjie" van geldeenhede te sweef, of om onafhanklik in ooreenstemming met ons eie belange te sweef. Die Regering het op onafhanklike swewing as die uiteindelijke stelsel besluit. Vantevore was hierdie keuse nie vir Suid-Afrika oop nie, omdat ons valutamark nog nie ontwikkel genoeg daarvoor was nie. Maar nou het ons die stadium bereik waar dit wel prakties uitvoerbaar en in landsbelang sal wees om 'n valutamark in Suid-Afrika te ontwikkel waarin die rand onafhanklik onder Reserwebanktoesig kan beweeg.

Die Regering aanvaar ook die Kommissie se aanbeveling dat hierdie uiteindelijke stelsel nie ten volle op die huidige stadium ingevoer kan word nie maar die beste deur 'n geleidelike proses van aanpassing bereik kan word. Die wyse waarop en die tempo waarteen die nuwe wisselkoersstelsel in werking gestel sal word, sal deur die Reserwebank in noue oorleg met die Minister en die Departement van Finansies bepaal word. Die Bank sal in samewerking met die gemagtigde valutahandelaars die nodige prosedures neerlê om uitvoering te gee aan die nuwe beleid. Met hierdie doel voor oë, sal die Reserwebank môre samesprekings met die gemagtigde handelaars voer.

Dit dien verder daarop gelet te word dat die Kommissie aanbevelings doen met betrekking tot die geskikste wisselkoersstelsel en -beleidsraamwerk vir Suid-Afrika en nie met betrekking tot enige spesifieke wisselkoers vir die toekoms nie. Die Kommissie beveel nóg 'n spesifieke devaluasie nóg 'n spesifieke revaluasie van die rand aan. Die taak om te besluit waarheen en hoe ver die wisselkoers te enige tyd toegelaat of aangemoedig moet word om te beweeg, is dié van die monetêre owerhede, wat hulle moet vervul in die lig van die heersende omstandighede. Hierdie standpunt word deur die Regering onderskryf.

Om aan alle belanghebbende partye volle geleentheid te gee om die nodige voorbereidings vir die inwerkingstelling van die eerste stadium van die nuwe wisselkoersbedeling te tref sal sowel die valutamark as die aandelebeurs op 24 en 25 Januarie gesluit wees. Soos gebruikelik, sal die nodige voorsiening egter vir kleinere valutatransaksies gemaak word om onnodige ongerief vir reisigers en ander te vermy.

Om die bogenoemde proses van verandering aan die gang te sit, sal die volgende stappe gedoen word:

1. Vir die huidige sal die Reserwebank nog voorafbepaalde koop- en verkoopkoerse vir die VSA-dollar kwoteer waarteen hy bereid sal wees om transaksies met gemagtigde handelaars aan te gaan. Anders as in die verlede, sal hierdie koerse egter nie vir lang hierdie koerse egter nie vir lang tydperke aaneen konstant gehou word nie maar meer dikwels by veranderende omstandighede aangepas word. Soos die valutamark egter meer ontwikkel en mededingend raak en verbeterings in die kommunikasie-stelsel tussen die verskillende gemagtigde handelaars en die Reserwebank aangebring word, sal die Bank die stelsel in die rigting van meer egte beheerde swewing vir 'n onafhanklike rand lei. Om mee te begin, sal die Bank se verkoopkoers $R1 = \$1,148.6$ en sy koopkoers $R1 = \$1,151.5$ bly, met dus 'n middelkoers van $R1 = \$1,150.0$.

2. Ten einde 'n breër en meer aktiewe en mededingende mark in buitelandse valuta in Suid-Afrika te ontwikkel waarin die rand later toegelaat kan word om sy eie vlak onderhewig aan Reserwebankinmenging te vind, sal daar voortaan nie meer vir gemagtigde valutahandelaars verpligte vaste openbare koop- en verkoopkoerse vir VSA-dollars voorgeskryf word wat hulle in hul transaksies met die publiek moet toepas nie. Onderworpe aan die ander reëlings wat neergelê sal word, sal gemagtigde handelaars dus vry wees om met mekaar in die valutamark mee te ding.
3. In dié mate dat daar 'n behoefte by gemagtigde valutahandelaars aan kompensasie vir dalende winste op valutatransaksies onder die nuwe stelsel mag ontstaan, sou dit, na die mening van die monetêre owerhede, nie onredelik wees nie indien die gemagtigde handelaars self, op die normale mededingende manier, matige fooie van daardie kliënte vra ten

behoewe van wie hulle koste moet aangaan om die valutabeheer te administreer.

4. Gemagtigde valutahandelaars sal toegelaat word om tot redelike bedrae "ope posisies" in buitelandse valuta daarop na te hou en om, binne perke voorgeskryf deur die Reserwebank, vir hulle eie rekening in buitelandse valuta handel te dryf. Die gemagtigde handelaars sal versoek word om met korter tussentposes as in die verlede opgawes aan die Reserwebank te verstrek sodat hulle "posisies" in buitelandse valuta voortdurend onder toesig gehou kan word. In hierdie verband sal die Reserwebank, soos aanbeveel deur die Kommissie, twee perke vir die gemagtigde valuta-handelaars voorskryf:

(a) Om die blootstelling van individuele gemagtigde handelaars en die bankstelsel as 'n geheel te beheer, asook om die amptelike reserwes te beskerm sal die Reserwebank 'n "ope-posisie-perk" vir elke valutahandelaar vasstel vir sy gesamentlike besit aan buitelandse valuta (sowel kontant- as termynvaluta) teenoor rand, wat daardie handelaar teen die sluiting van elke dag moet nakom. Hierdie perk het betrekking op die verskil tussen die gemagtigde handelaar se bates en laste in buitelandse valuta, insluitende **termynbates** en -laste.

(b) Om 'n voldoende perk te plaas op die omvang van buitelandse valuta wat buite die amptelike reserwes gehou word, sal die Reserwebank 'n tweede perk op elke gemagtigde handelaar plaas, naamlik 'n "kontant-teen-termyn-perk". Hiermee word bedoel 'n perk op 'n handelaar se netto **lopende** bates gehou as dekking teen sy netto **termynverkope**.

Die Reserwebank sal albei hierdie perke vir elke gemagtigde valutahandelaar baseer op laasgenoemde se grootte (sy kapitaalbates) en op sy omset in buitelandse valuta. Aanvanklik sal hierdie perke betreklik eng wees, maar dit sal die strewes van die Reserwebank wees om hulle so gou doenlik te verruim om daardeur die doelstellings van die nuwe beleid te bevorder. Nadere besonderhede hieroor sal deur die President van die Reserwebank aan gemagtigde handelaars oorgedra word.

5. Om die ontwikkeling van 'n meer aktiewe en mededingende valutamark verder aan te moedig, sal stappe gedoen word om die volume van valutatransaksies buite die Reserwebank uit te brei. Die Regering aanvaar die Kommissie se voorstel dat die Reserwebank voortgaan om Suid-Afrika se staafgoud te bemark en die dollaropbrengs daarvan in die mark te verkoop soos en wanneer dit nodig is. Die Bank sal ook voortgaan om die opbrengs van sowel sy eie lenings as lenings deur die sentrale regering te hanteer. Die Reserwebank sal verder, in oorleg met die Minister en Departement van Finansies, ondersoek instel na die doenlikheid daarvan om minstens 'n deel van die opbrengs van verkope van Krugerrande en diamante, sowel as die opbrengs aan buitelandse lenings aangegaan deur openbare korporasies en munisipaliteite, wat tans direk die Reserwebank toeval, deur die gemagtigde

handelaars te kanaliseer. Hierdie stappe behoort grootliks by te dra tot die verruiming van die aanbod van valuta in die mark buite die Reserwebank en behoort dus 'n beter balans in die mark daar te stel. Maar die uitwerking van enige sodanige optrede op die Reserwebank se kontantvalutareseerwes sal in gedagte gehou moet word.

6. Die Kommissie se aanbevelings ten opsigte van die termynvalutamark sal so spoedig moontlik deur die Reserwebank deurgevoer word. Soos aangedui deur die Kommissie, sal sodanige ontplooiing van 'n aktiewe en mededingende termynvalutamark egter geleidelik moet geskied. Aanvanklik sal die termynmark dus hoofsaaklik nog deur die Reserwebank administreer word. Maar die termynmarges sal voortaan op 'n veranderlike en toenemend meer markgerigte, eerder as 'n vaste, basis bepaal word. As eerste stap sal die Reserwebank voortaan nie meer 'n vaste **heffing** of **kommissie** kwoteer wat deur sowel invoerders as uitvoerders vir termyndekking **betaal** moet word en wat dus twee verskillende pryse vir dieselfde termyndollars meebring nie, naamlik een vir invoerders en een vir uitvoerders. In die toekoms sal die Reserwebank **een** (middel-) prys vir termyndollars van enige spesifieke looptyd kwoteer in plaas van twee soos tans. Dit behoort te help om 'n meer ewewigtige tweerigtingdekking in die termynmark te kry en dus die verliese wat die Reserwebank namens die Regering op termyntransaksies ly, te beperk.

Om mee te begin, sal die Bank se termynmarge op VSA-dollars 'n dollar-diskonto (of randpremie) van 2 persent per jaar wees, wat 'n middelkoers vir byvoorbeeld eenjaar-termyndollars van R1 = \$1,173 0 sal oplewer. Hierdie termyndollardiskonto of termynrandpremie spruit hoofsaaklik voort uit die feit dat dollarrentekoerse tans hoër as rentekoerse in Suid-Afrika is.

7. Gemagtigde handelaars sal ook aangemoedig word om self termynverkope en -aankope so ver as moontlik teenoor mekaar af te sit of te "paar" en om binne die neergelegde perke hulle **netto termynvalutaverpligtinge** te dek deur **kontantbates** in buitelandse geldeenhede te hou. Vir sover die reserwes dit toelaat, sal die Bank daarna strewes om hierdie perke mettertyd te verruim ten einde die ontwikkeling van die termynvalutamark in Suid-Afrika aan te moedig.

8. Om buitelandse lenings deur die private sektor in belang van vinniger ekonomiese groei aan te moedig, sal die Reserwebank voortaan ook bereid wees om deur die bemiddeling van gemagtigde valutahandelaars termyndekkingsfasiliteite te bied vir enige buitelandse lenings wat deur die private sektor met valuta-beheergoedkeuring aangegaan is. Sodanige dekking sal slegs ten opsigte van die risiko op die rand-dollarwisselkoers, en by voorkeur vir 'n tydperk van een jaar op 'n keer, voorsien word.

9. Die Kommissie se aanbeveling dat die Reserwebank voortaan termyndekking op buitelandse lenings deur openbare korporasies en sekere ander liggame in die openbare sektor slegs op die randdollarbeleg van sulke transaksies verskaf en dit aan hierdie liggame oorlaat

om, soos private ondernemings, hulself in 'n oorsese termynmark te dek teen wisselkoersrisiko's tussen die dollar en enige ander geldeenheid waarin hulle lenings gedenomineer mag wees, word in 'n gewysigde vorm aanvaar. Termyndekking sal nog steeds aan hierdie instansies deur die Reserwebank verskaf word, maar die koers op termyndekking vir verpligtings in die sterker geldeenhede van die wêreld, soos byvoorbeeld die Duitse mark of die Switserse frank, sal voortaan op 'n hoër vlak vasgestel word as dié ten opsigte van die VSA-dollar en ander minder sterk geldeenhede. Die Reserwebank sal van tyd tot tyd in oorleg met die Tesourie hierdie koerse bepaal.

10. Die Kommissie se korttermynaanbevelings ten opsigte van 'n meer ontwikkelde en formele tweeledige wisselkoerstelsel as die huidige een (as 'n oorgangsmatreël) word nie in hierdie stadium ten volle toegepas nie. Daar sal egter wel sekere aanpassings aan die bestaande tweeledige wisselkoerstelsel in Suid-Afrika aangebring word. Die huidige amptelike wisselkoers sal as die "kommersiële koers" bekend staan en op die wyse hierbo uiteengesit, bepaal word. Die huidige "effekterand" sal na 'n "finansiële rand" omgeskakel word deur 'n uitbreiding van die gebruik wat nie-inwoners daarvan kan maak. Soos tans die geval is met die effekterand, sal die koers van die finansiële rand deur vraag en aanbod bepaal word. Hierdie aanpassing moet gesien word as 'n oorgangsmatreël en 'n verdere stap in die rigting van die doel op lang termyn, naamlik 'n markverwante enkelvoudige wisselkoers vir die rand.

Die rede vir die uitbreiding van die aanwendingsmoontlikhede van die huidige effekterand is om die deelname van buitelandse kapitaal en vaardighede in die Suid-Afrikaanse ekonomie te bevorder. Die huidige effekterandstelsel ontmoedig uit die aard van die saak sodanige deelname. Effekterand kan tans slegs deur 'n nie-inwoner gebruik word om genoteerde effekte en die spesiale Nie-inwonerobligasies van die Regering te koop. Belegging in ongenoteerde effekte en ander kapitaalbates moet tans die land binnekom teen die amptelike wisselkoers, waarna repatriasie teen daardie koers geblokkeer is en slegs teen die effekterandkoers moontlik is (behalwe as die betrokke fondse eers vir sewe jaar in die genoemde Nie-inwonerobligasies van die Regering belê word). Repatriasie teen die effekterandkoers bring groot verliese vir die buitelandse belegger mee, aangesien die effekterand meesal teen 'n diskonto, tans van meer as 40 persent, teenoor die amptelike koers staan. Deur voortaan nie-inwoners toe te laat om finansiële rand te gebruik vir beleggings in sekere ander soort bates en nie slegs in genoteerde effekte nie, sal hulle 'n sterk aansporing ontvang om meer fondse in Suid-Afrika te belê, veral aangesien die dividende op hul beleggings teen die kommersiële koers oorgeplaas sal word.

Die kapitaalinvloeiing langs hierdie weg sal wel normaalweg nie die reserwes regstreeks bevoordeel nie, omdat die een nie-inwoner sy finansiële rand in effek by 'n ander nie-inwoner koop, maar sal nuwe

ekonomiese aktiwiteit, indiensneming en tegniese vooruitgang skep. Hierdie sake is dringende nasionale oogmerke waaraan die Regering besonder hoë prioriteit wil gee. Van groot belang is ook die feit dat enige uitvloeiing van kapitaal deur middel van finansiële rand nie die reserwes sal benadeel nie.

Die omskakeling van die effekterand na die finansiële rand sal geleidelik en onder die toesig en leiding van die Reserwebank geskied. Ná samesprekings tussen die Reserwebank en die gemagtigde valuta-handelaars, sal verdere besonderhede oor die nuwe aanwendingsmoontlikhede van finansiële rand bekend gemaak word. Soos aanbeveel deur die Kommissie, sal enige uitbreiding van hierdie aanwendingsmoontlikhede beperk word tot die aankoop van 'n ei-naarsbelang in die breë sin van hierdie begrip, in teenstelling met die verskaffing van leningsfondse. Met betrekking tot alle soorte geleende kapitaal sal die kommersiële wisselkoers van toepassing wees. Die Kommissie se aanbeveling ten opsigte van beleggings deur nie-inwoners deur middel van finansiële rand word egter aanvaar met die voorbehoud dat sodanige beleggings in hierdie stadium slegs ná goedkeuring deur die Reserwebank toegelaat sal word.

Die Kommissie se verdere aanbeveling dat die voorgestelde mark vir finansiële rand ook geleidelik vir inwoners toeganklik gemaak moet word, word om administratiewe redes nie in hierdie stadium toegepas nie. Die mark vir finansiële rand bly dus tot nie-inwoners beperk. Behalwe die reeds genoemde aanpassings en sekere ander kleinere wysigings wat later aangekondig sal word, sal valutabeheer dus voorlopig in sy huidige vorm behoue bly.

11. Soos deur die Kommissie aanbeveel, sal Regulasie 3(1)(f) van die valutabeheer, wat binnelandse lenings deur buitelandsebeheerde maatskappye volgens 'n voorgeskrewe formule beperk en wat in baie kringe beskou word as 'n belemmering op sowel binnelandse ekonomiese uitbreiding as die invloeiing van nuwe buitelandse kapitaal, voortaan selektief meer soepel toegepas word. In die geval van die ondernemings wat hulle produksiekapasiteit in Suid-Afrika wil uitbrei, en ook in die geval van nuwe buitelandsebeheerde ondernemings, sal op sekere voorwaardes tydelike oorskrydings van hierdie perke toegelaat word.

Die Regering se aanvaarding van die hoofbeginsels vervat in die Kommissie se Tussentydse Verslag moet gesien word teen die agtergrond van die Regering se beleid van ekonomiese groei met finansiële dissipline. Die toepassing van hierdie beleid het nou 'n stadium bereik waar groter klem op vinniger ekonomiese groei geplaas moet word. Die Regering aanvaar die Kommissie se standpunt dat by korttermyn- ekonomiese stabilisasiebeleid in Suid-Afrika die hoofklem op konserwatiewe monetêre en fiskale beleid en algemene finansiële dissipline moet val, en dat wisselkoersbeleid nooit 'n substituuat vir sodanige beleid en dissipline kan wees nie. Op die duur sal behoudende fiskale en monetêre beleid wat daarop gerig is om die rand 'n sterk geldeenheid te maak, ook die voordeligste uitwerking op die koers van reële ekonomiese

groei en op interne en eksterne ekonomiese stabiliteit in Suid-Afrika hê. Maar die Regering aanvaar ook die Kommissie se aanbeveling dat wisselkoersbeleid 'n belangrike deel moet vorm van amptelike ekonomiese strategie gerig op die bereiking van die optimum kombinasie van ekonomiese groei, betalingsbalans-ewewig en interne ekonomiese stabiliteit. En gegewe die sukses van die owerheid se beperkende fiskale en monetêre beleid van die afgelope drie jaar is dit duidelik dat groter klem nou op ekonomiese groei geplaas moet word.

Van groot belang vir die Regering hier is die oorweging dat onder die huidige koppelingstelsel binnelandse ekonomiese beleidsoogmerke, soos die bereiking van 'n bevredigende ekonomiese groei koers en 'n redelik hoë vlak van werkverskaffing, dikwels 'n laer beleidsprioriteit moet geniet as die verdediging van die bestaande vaste rand-dollarwisselkoers. Die toepassing van die nuwe stelsel behoort aan die monetêre owerhede meer onafhanklikheid in die toepassing van binnelandse monetêre en fiskale beleid te gee. Onder die nuwe stelsel behoort dit vir die owerhede moontlik te wees om 'n meer samehangende en effektiewe anti-sikliese of groeibeleid te volg deur die wisselkoers toe te laat om te appresieer of te depresieer in dié mate wat nodig mag wees.

Met die instelling van die nuwe wisselkoersstelsel word die weg dus geopen vir die toepassing van sodanige verdere groeibevorderingsmaatreëls deur die monetêre owerhede as wat nodig mag blyk te wees. Daar is maar sowat twee maande oor voor my volgende Begrotingsrede wanneer die ekonomiese toestand en beleid in geheel weer in oënskou geneem sal word. Intussen ag ek dit egter wenslik om 'n verdere stimulerende maatreël aan te kondig wat ek meen 'n belangrike bydrae sal kan lewer tot 'n hoër groei koers sonder om inflasie in die hand te werk.

Ek meen dat verligting gegee behoort te word aan die knap kontantposisie van menige maatskappye en dat maatskappye in die algemeen gehelp behoort te word met die aflossing van sekere vorms van duurder finansiering. Ek kondig dus aan dat die terugbetalings van leningsheffings op maatskappye vir die 1973 en 1974 belastingjare vervroeg word. Die totale bedrag vir die twee jaar tesame, rente ingesluit, beloop byna R160 miljoen. Terugbetaling sal so gou doenlik ná 15 Februarie vanjaar geskied. Gesien die besondere sukses van staatslenings tot dusver aangebied, sal hierdie terugbetalings nie alleen help om die Staat se finansiering van sy begrotingstekort meer in lyn te bring met die mikpunt gestel in my jongste Begroting nie, maar dit sal maatskappye se likwiditeit verbeter en hulle ook in staat stel om sekere finansieringskostebesparings te bewerkstellig wat in dié mate 'n anti-inflasionistiese invloed op die pryspeil van hul produkte behoort te hê.

Die algemene ekonomiese toestand sal noukeurig dopgehou word en waar nodig en wenslik sal verdere stappe ter bevordering van gesonde ekonomiese groei, op sowel die monetêre as die fiskale terrein, gedoen word.

Verklarings insake monetêre beleid

Uitgereik deur die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, dr. T.W. de Jongh

5 Februarie 1979

Ná die gebruiklike oorlegpleging met die Tesourie het die Reserwebank besluit om die Bankkoers vanaf 8½ tot 8 persent per jaar met ingang Dinsdag, 6 Februarie 1979 te verlaag.

Hierdie stap is in ooreenstemming met die heersende ekonomiese beleid om die binnelandse ekonomiese bedrywigheid verder te stimuleer en sluit ook aan by die onlangse verloop van korttermynrentekoerse in Suid-Afrika in die algemeen.

12 Maart 1979

Na die gebruiklike oorlegpleging met die Tesourie het die Reserwebank besluit om die kredietbeheermaatreëls in die volgende opsigte aan te pas :

1. Kredietplafonne

Soos vanaf 31 Maart 1979 word bankinstellings se kredietplafonne met 'n addisionele 5 persent van hulle basissyfers soos op 31 Desember 1975 verhoog. Hierdie verhoging geld vir die plafonsyfers wat op bankinstellings se diskonteringe, lenings en voorskotte aan die private sektor en op hulle beleggings in effekte van die private sektor van toepassing is. Die bestaande reëling waarvolgens die plafonsyfers van bankinstellings elke maand met 'n half persent van hulle basissyfers verhoog word, bly onveranderd.

Terselfdertyd word die totale bedrag van die kredietverlening aan die private sektor, soos vir doeleindes van die kredietplafonne omskryf, wat 'n bankinstelling nie mag oorskry nie alvorens hy aan die plafonvereistes onderhewig word, van R15 miljoen na R20 miljoen verhoog. Wanneer so 'n bankinstelling se totale kredietverlening aan die private sektor die nuwe perk van R20 miljoen bereik, sal sy betrokke plafonne daarna maandeliks met 'n half persent van sy onderskeie basissyfers soos op 31 Desember 1975 verhoog word.

2. Likwiede batevereistes

Vanaf die datum van sertifisering van hulle maandopgawes vir 28 Februarie 1979 word die aanvullende likwiede bates wat groot bankinstellings (d.w.s. dié met totale bates wat R800 miljoen oorskry) moet hou t.o.v. die toename in hulle kort- en middeltermynverpligtings sedert 30 September 1975, van 20 na 10 persent en van 8 na 4 persent, onderskeidelik, verlaag.

Vir die kleiner bankinstellings word die aanvullende likwiede batevereiste van 20 persent t.o.v. die toename in hulle korttermynverpligtings sedert 30 September 1975 vanaf die datum van sertifisering van hulle maandopgawes vir 28 Februarie 1979 afgeskaf. Die aanvullende likwiede batevereiste t.o.v. die toename in die middeltermynverpligtings van kleiner

bankinstellings sedert 30 September 1975, is reeds in Augustus 1978 afgeskaf.

Die nodige kennisgewings om aan hierdie wysigings van die kredietbeheermaatreëls uitvoering te gee, sal binnekort in die Staatskoerant verskyn.

16 Maart 1979

Ná die gebruiklike oorlegpleging met die Tesourie het die Reserwebank besluit om die Bankkoers van 8 na 7½ persent per jaar met ingang 17 Maart 1979 te verlaag.